vol 216 p 11392 - 11455

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I2.8 Vol 216 p 11392-11455

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1987-05-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 216

(Bladsye 11 392 - 11 455)

HOF HERVAT OP 12 MEI 1987.

SEKWATI JOHN MOKOENA, v.o.e. (Deur tolk)

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : U Edele, al die beskuldigdes is teenwoordig. Mnr. Mokoena, ons is besig met BEWYSSTUK AT10. Die tweede bladsy daarvan waar die program verskyn. Item 3, die toespraak oor "Education". Wat het julle bespreek, waaroor moes die toespraak handel? -- In ons bespreking van daardie punt, het ons nie ŉ besluit geneem waaroor die spreker ŉ toespraak moet lewer aangaande die punt van onderwys nie. Eintlik wat ons in gedagte gehad het was dat ons die persoon gaan vra om net van onderwys in die algemeen breedvoerig ŉ toespraak te maak.

E. Tsotso wat die UDF spreker sou wees, is dit dieselfde persoon as die een wat later met jou kom praat het oor die beoogde verhogings van die huurgelde? -- Dit is hy.

HOF : Ernest? -- Ja.

MNR. HANEKOM : Sy bynaam is Old Man. Is dit reg? -- Ek ken hom nie by daardie naam nie.

Hoe oud was die persoon? Was dit ŉ jong persoon of ŉ ou persoon? -- Ek weet nie wat sy presiese ouderdom is nie, maar ek skat hom ongeveer 50.

Was hy verbonde aan UDF? -- Nie sover ek weet nie.

Waarom word hy aangedui as ŉ UDF spreker? -- Dit is omdat hy aan my bekend was as ŉ lid van die inwoners van Boipatong se organisasie wat eintlik ŉ lid is van VCA. Dit wil sê die organisasie van die inwoners is ŉ lid van VCA. Om daardie rede het ons voorgestel dat hy ŉ toespraak maak oor UDF, want ons het die indruk gehad dat hy moontlik iets sal weet aangaande UDF.

Hoe kry julle die indruk? Hoe weet julle hy weet iets

van/...

van UDF? -- Omdat hy 'n bekende persoon was aan my destyds. Daar was dus 'n moontlikheid dat ek hom kon gesien het en met hom daaromtrent praat.

HOF : Bedoel u nog sou sien of gesien het en met hom gepraat het daaroor? -- Hy was 'n bekende persoon aan my. Ek en hy het dikwels ontmoet en oor die berigte van koerante gepraat. Die dag toe ons op hom besluit het, sou ek hom nog gaan sien het. Dit is nie dat ek hom alreeds gesien het nie. Dit wil sê dit sou ons van hom verneem het of hy in staat was of nie om iets te sê oor UDF.

MNR. HANEKOM : As u hom so goed geken het, sou u dit mos weet? -- Omrede destyds daar baie berigte was in die koerante oor die UDF het ek toe aanvaar dat daar baie mense was wat koerante lees. Dus baie mense het goeie kennis gekry as gevolg van die berigte wat hulle in die koerante gelees het oor UDF.

In die gesprekke wat u en Tsotso gevoer het oor die koerantberigte, het julle UDF bespreek? -- Ja, byvoorbeeld as daar iets was in die berigte van die koerante wat ons oorgelees het aangaande UDF het ons dit bespreek.

Het Tsotso in hierdie gesprekke spesiale kennis openbaar van UDF? -- Nee, nie hy nie, behalwe dat ek self daardie opinie gevorm het en so gedink het dat hy miskien 'n goeie kennis het van UDF.

Het u hom dan eintlik by die vergadering van 21 Januarie ... (Mnr. Krugel kom tussenbei)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, mnr. Hanekom, ek glo nie die getuie het die vraag verstaan nie. Die vraag was het hy besondere kennis oor die UDF openbaar. Die antwoord was nee, maar toe het hy tog 'n verduideliking gegee wat

daarop/...

daarop dui dat die antwoord eintlik ja is. -- Die eintlike antwoord op die vraag is dat hy het dit duidelik gemaak dat hy iets weet van UDF, maar op my eie het ek besluit om ŉ voorstel te maak dat hy ŉ spreker is van UDF omdat ek op my eie sonder dat hy enigiets persoonlik gesê het besluit het dat hy ŉ spreker moet wees.

MNR. HANEKOM : Waarom wou julle die jeug van Boipatong inlig oor wat die UDF is? -- Dit was belangrik gewees dat hulle moet weet sodat hulle op hoogte moet wees met wat gebeur in die land waar hulle woon.

UDF is ŉ politieke organisasie. Stem u saam? -- Wat my kennis betref is dat UDF ŉ organisasie is waar die inwoners se organisasies, "community organisations" bymekaar kom.

Dit antwoord nog nie die vraag nie. Stem u saam dat UDF is eintlik ŉ politieke organisasie? -- Dit is ŉ organisasie wat na die "issues" kyk wat die Swartmense affekteer.

HOF : Beskou u die UDF as ŉ politieke organisasie, ja of nee? -- Dit is so.

MNR. HANEKOM : Het u self ŉ goeie kennis van UDF gehad op daardie stadium? -- Dit is so.

Waar het u die kennis opgedoen? -- Deur koerante te lees.

Enige UDF publikasies? -- Ja, ek het ŉ UDF Launch National Booklet in my besit gehad.

Dit is BEWYSSTUK A1, die eerste dokument?

HOF : Stel u dit dat dit die spesifieke dokument A1 is of soortgelyk aan A1?

MNR. HANEKOM : Nee, ek stel dit dat BEWYSSTUK A1, die eerste dokument, inderdaad in u besit gevind is? -- Ja, dit is so. Daar is ŉ dokument wat in my besit gevind was.

HOF/...

HOF : Sal u die dokument aan die getuie toon, asseblief. Is dit die dokument wat in u besit gevind is, A1? -- Ja, dit is die dokument.

MNR. HANEKOM : Wanneer het u die dokument A1 in u besit gekry? -- Op 18 Januarie 1984.

Waar het u dit gekry? -- Dit is op die tydstip toe ons in Khotso House was.

Het u dit by die UDF kantore gekry in Khotso House? -- Dit is waar ek dit gaan koop het, ja.

Waarom is u na die kantore van UDF op 18 Januarie? -- Na die sluiting van ons vergadering op die grondvloer, het van die mense wat saam met my by die vergadering was besluit om na die UDF se kantore toe te gaan. Ek is dus saam met die mense soontoe.

Het julle daar met enige UDF mense gepraat? -- Daar is persone wat ons in hierdie kantore gekry het.

Het u met hulle gepraat? Dit is die vraag. -- Wat ek onthou is dat die enigste tyd wat ek met hulle gepraat het is met die aankoop van hierdie dokument van hierdie persone.

Wie was die persoon van UDF van wie u die publikasie gekoop het? -- Ek weet nie wat die persoon se naam is nie. Dit is ŉ persoon wat ek by die kantoor aangetref het, wat vir my duidelik was dat hy of sy daar werksaam is en ek het toe van die persoon die papier gekoop.

HOF : Was dit ŉ man of ŉ vrou? -- Dit was ŉ manspersoon.

MNR. HANEKOM : Hoe het u geweet van die bestaan van die publikasie? Hoe het u daartoe oorgegaan om die boek te koop? -- Toe ek op pad soontoe was het ek geen kennis van hierdie dokument gedra nie, maar met my aankoms daar het ek toe bewus geword van die bestaan van hierdie dokument toe ek dit daar

sien/...

sien.

Het u met die UDF mense daar ʼn gesprek gevoer oor UDF? -- Nee.

Waarom is julle na die vergadering na die UDF kantore toe? -- Ek het hier vir die Hof gesê van die ses lede saam met wie ek daar ʼn vergadering gehad het, het besluit om by die UDF se kantore te gaan aandoen. Hoekom hulle daarheen gegaan het, weet ek nie.

Het hulle nie vir jou gesê nie? -- Nee.

HOF : Wat het hulle daar gedoen? -- Ek het opgemerk dat hulle daar met die persone in die kantore gepraat het. Waaroor hulle gepraat het weet ek nie.

MNR. HANEKOM : Is julle hele groep, al ses van julle, na die UDF kantore? -- Ek kan nie meer so goed onthou of almal van ons soontoe gegaan het of nie.

Het die ander mense wat in die UDF kantore was in julle groep jou uitgesluit in hulle gesprek met die UDF mense? -- Wat ek opgelet het daar, dit was nie ʼn kwessie van dat iemand uitgesluit word nie, maar elkeen van die persone daar teenwoordig het dit vir my voorgekom dat die persoon besluit het om enigiets te doen wat die persoon gevoel het om te doen terwyl ons daar was, nie dat iemand uitgesluit was van die gesprek nie. Dit is van die persone saam met wie ek daarheen gegaan het.

HOF : Ja, maar is hulle nou in ʼn ander vertrek in met persone van die UDF of was julle almal die hele tyd in dieselfde vertrek? -- Ons was almal bymekaar gewees in dieselfde vertrek.

MNR. HANEKOM : Hoe lank het julle daar vertoef by die UDF kantoor? -- Dit was nie lank nie. Ek kan net nie meer

onthou/...

onthou hoe lank dit was wat ons vertoef het daar nie.

Kan u vir die Hof enigiets sê wat bespreek is daar in die UDF kantoor? -- Nee, daar is niks.

Het julle nie daar in die UDF kantoor verslag gedoen oor die vergadering wat pas afgeloop het nie? -- Nee.

Het u die publikasie wat u die dag daar gekoop het, BEWYSSTUK A1 bestudeer? -- Ek antwoord op u vraag dat u sê ek dit bestudeer het. Ek het dit nie bestudeer nie.

Het u dit gelees? -- Ja, sommer so gelees.

Het u saamgestem met wat u daar gelees het? -- Dit is so.

Het u enigiets in BEWYSSTUK A1 gelees waarmee u nie saamgestem het nie? -- Nee.

Het u enige ander publikasies die dag in die UDF kantoor gekry? -- Nee, ek onthou net van hierdie een.

Het u nie UDF News of 'n UDF News of enige tydskrif soos 'n SASPO National daar gekry nie? -- Daar was van daardie tipe dokumente daar gewees, maar ek het hierdie een met verwysing na BEWYSSTUK A1 geneem.

Was die tydskrifte wat u nou net na verwys het te koop in die kantoor? -- Ek weet nie. Ek het nie daaromtrent navraag gedoen in die kantoor nie.

Goed, as ons terug is by BEWYSSTUK AT10 punt 6 op die program "Formation of SRC? Is dit uself wat daar aangedui word as die spreker, S.Mokoena? -- Dit is so.

Wat sou die inhoud van die toespraak wees? Wat wou u vir die mense sê van die "formation" van die SRC? -- Weens die feit dat hierdie vergadering nie gehou was nie, het ek nie my toespraak voorberei nie.

HOF : Wat het u gedink waaroor sal u praat? -- Ek het

geweet/...

geweet dat SRC is ŉ organisasie van skoolkinders wat eintlik gemik is op die skoliere van die betrokke skool daar waar hierdie organisasie bestaan, wat dan die leerlinge sou verteenwoordig het by die owerhede van die skool, dit wil sê die persone in beheer van die skool.

MNR. HANEKOM : Maar wat sou u sê oor die tot stand bring van SRC's? Dit is die titel "Formation of SRC". Wat wou u daaroor sê? -- Ek sou hulle in my toespraak vertel het oor my kennis wat ek gehad het, waarvan ek nou net melding gemaak het.

HOF : Op dié stadium hoe lank was u al uit die skool uit? -- As ek reg is was dit agt jaar gewees wat ek die skool verlaat het.

Was u nie uit voeling met die skole nie? -- Nee, ek volg nou nie die vraag nie.

Was u nie uit voeling uit nie? Het u mooi geweet wat aangaan in die skole? -- Ek het nog kennis gehad van wat in die skole plaasvind, want ek het broers en susters wat nog op skool is.

MNR. HANEKOM : Wat was u siening, waarom moes daar SRC's gestig word in skole? -- My gevoel dat dit nodig is vir leerlinge om ŉ verteenwoordiger te hê wat op skool is vir in geval hulle ŉ voorstel wil maak wat dan die voorstelle sal oordra aan die persone in beheer van die skool, of daar iets is wat die leerling nie mee saamstem nie, dat hulle dit deur middel van hierdie liggaam kan oordra aan die owerhede.

Maar daar was mos prefekte op skool wat die funksie vervul het? -- Volgens my kennis word die prefekte gekies deur die persone of die owerhede in beheer van die skool vir die voortsetting wat hulle, die owerhede in beheer van die

skool/...

skool voel moet gedoen word op sekere vlakke.

HOF : Maar kan ʼn mens nie deur die prefekte werk en die owerhede nader nie? -- Volgens my kennis was dit nie so gewees nie.

MNR. HANEKOM : So, dit was ook eintlik ʼn politieke kwessie, die vorming van SRC's in teenstelling van die prefekte stelsel? -- Dit is nie so nie.

Stem u saam dit was veral COSAS wat hom besig gehou het of hom beywer het vir die stigting van SRC's in die skole? -- Omrede ek nie weet hoe die werk van COSAS uitgevoer word nie en omrede ek nooit ʼn lid was van COSAS nie, is ek dus nie op hoogte van wat daar gedoen word nie en dus sal ek nie saam met u stem nie, want ek dra geen kennis van hoe hulle gewerk het nie.

Het u nooit gelees van COSAS se aktiwiteite of gehoor van u broers en susters wat op skool was nie? -- Ek het wel gelees in die koerantberigte van COSAS. Tweedens, ek het nog nooit die kinders by die huis, dit wil sê die broers en susters gehoor praat van COSAS se doen en late nie.

HOF : Was daar ʼn tak van COSAS by die hoërskool? -- By watter hoërskool? Boipatong?

Daar was net een hoërskool by u? -- Nie sover ek weet nie.

MNR. HANEKOM : Het u nie in die koerante gelees toe u van COSAS gelees het dat dit eintlik is waarvoor hulle hulle beywer vir SRC's in die skole nie? -- Nee.

Is dit op die vergadering van 21 Januarie 1984 bespreek dat Stompie die seremoniemeester of die voorsitter sou wees by hierdie beoogde vergadering? -- Dit is so.

Is dit Stompie Mokgele? -- Nee.

Wat is hierdie Stompie se van? -- Stompie Maabe.

Net/...

Net een aspek oor bladsy 1 van AT10 waar u gepraat het oor vergaderplekke.

HOF : Gaan u weg van hierdie program af?

MNR. HANEKOM : Ja.

HOF : Ek wil nog 'n vraag vra oor die program. Die doel van die stigting van die jeugbeweging, soos ek dit by u verstaan het, was merendeels, laat ek sê grotendeels die nie-skoolgaande jeug. Is dit korrek? -- Ja, dit was eintlik my bedoeling gewees met die stigting daarvan.

En die ander s'n? -- Dit is wat ons ooreengekom het met die ander, want ek het gevind dit is die gevoel van hulle ook dat dit so bedoel word.

As u nou na die program kyk, sou u sê dat die program oorwegend gemik is op die nie-skoolgaande jeug of oorwegend gemik is op die skoolgaande jeug? -- Volgens my siening van hierdie program was dit gemik op beide, die skoolgaande en nie-skoolgaande jeug.

MNR. HANEKOM : Op bladsy 1 van AT10 het u gesê dat julle beoog om twee keer per maand te vergader. Het julle inderdaad twee keer per maand vergader na 21 Januarie 1984? -- Nee.

Hoe dikwels het julle vergader? -- Die inhoud van bladsy 1 op BEWYSSTUK AT10 bedoel dat indien ons 'n vergaderplek gekry het by die mense by wie ons aansoek gedoen het vir hierdie vergaderplek, sou ons dan twee keer per maand vergaderings gehad het.

Die vraag is net hoe dikwels het julle vergader? -- Wat ek onthou is die volgende, dat hierdie komitee vergader het op 27 Februarie. Dit is tydens die besprekings van probleme wat by Lebohang Skool opgeduik het en dit het weer vergader na die berigte wat in die koerante was wat die

predikante/...

predikante belet het om die vergaderplekke af te staan vir die vergaderings.

HOF : Dus by elkeen van die geleenthede is daar 'n brief geskryf? Was die vergaderings, die enigste vergaderings wat gehou is ter voorbereiding van die brief? -- Wat ek daarby sê is vir hierdie komitee om te vergader, was waar ons met ander komitees vergader het en waarop ons toe op hierdie brief besluit het en dus die brief opgestel het en geskryf het daar.

Nee, maar ek het nie duidelikheid met u antwoord nie. Ek het verstaan dat daar gesamentlike vergaderings was ten aansien van die twee briewe? - Ja, dit is so.

Is dit dan die enigste vergaderings ook van u eie komitee alleen? -- Daar was pogings gewees om vergaderings te hou waar net my komitee moes vergader het en hierdie vergaderings het toe nie plaasgevind nie. Met die gevolg, sal ek sê in antwoord dat die enigste vergaderings wat hierdie komitee gehou het was die vergaderings waar daar gesamentlike vergaderings gehou was met die oog op die twee briewe wat na verwys word.

Laat ons net die briewe ook op rekord plaas. Dit is makliker as 'n mens die rekord lees.

MNR. HANEKOM : Dit is AN9 en AN10. Ek wil u vervolgens verwys na BEWYSSTUK AN9. Wie het hierdie gesamentlike vergadering van 7 Februarie 1984 gereël? -- Vir hierdie vergadering om gehou te word was ek genader deur Ace Blaai en Shaudi. Die twee persone het my ingelig van die probleem wat by die skool opgeduik het na aanleiding waarvan ek toe gesê het dit is nodig dat ons hierdie voorstel moet maak vir die gemeenskapsorganisasies wat bestaan van die

inwoners/...

inwoners van Boipatong en Bophelong bymekaar te kry om te vergader met die oog daarop om op hierdie probleem in te gaan.

Met ander woorde, die inisiatief het van jou uitgegaan om die vergadering te hou? -- Ek het die voorstel gemaak dat hierdie vergadering gehou moet word met hierdie gemeenskaps-organisasies.

Wie het die reëlings getref vir die plaasvind van die vergadering? -- Ek het toe verder voorgestel aan hulle, die twee wat my genader het, dat hulle in verbinding moet tree met hierdie ander gemeenskapsorganisasies om ooreen te kom vir die hou van ŉ vergadering.

En die vergadering is by jou huis gehou? -- Dit is so.

Wie was almal teenwoordig by die vergadering en dan spesifiseer hulle volgens die organisasies wat teenwoordig was van die Bophelong Youth Association?

HOF : Laat ons dit net duidelik kry, die vergadering was op 7 Februarie? -- Ja, dit was op hierdie dag.

MNR. HANEKOM : Wie was teenwoordig van die Bophelong Youth Association? -- Toto Mcetsywa en Mosiea.

HOF : U het nie ŉ van vir Mosiea nie? -- Nee, ek weet nie wat sy van is nie. Vuyisile Thafeni.

MNR. HANEKOM : Is dit die enigste drie van Bophelong Youth Association? -- Ja, dit is die drie wat teenwoordig was.

Wie was daar van die Boipatong Youth Organisation behalwe u self? -- Ace Blaai en Shaudi.

HOF : Is dit sy van of is dit ŉ naam? -- Dit is sy naam. Ek het sy van vergeet.

MNR. HANEKOM : Was dit die enigste drie van jou organisasie? -- Ja, dit is so.

HOF : Dit is nou van die Boipatong Youth Organisation? --

Ja/...

Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : En van die Bophelong Civic Association, wie was daar? -- Veronica Mbongo en mnr. Nhlapo.

En van die Boipatong Civic Association? -- Jabulani Patosi, mnr. Ernest Tsotso en mnr. Hlalele. Dit is al persone wat teenwoordig was.

Die Ace Blaai wat u so gereeld noem, het hy ook ŉ ander naam gehad? -- Nee, hy is aan my bekend op hierdie naam wat ek gebruik.

Waar het hy gewoon? Wat was sy adres? -- Nee, ek kan nie sy woonadres onthou nie. Al wat ek weet is, hy het iewers in Boipatong gewoon.

HOF : En die straat? -- As ek reg is, is die straat se naam Barolong.

MNR. HANEKOM : Is daar by die vergadering besluit om ŉ "joint committee" te stig wat toe die Vanderbijlpark Joint Committee geword het?-- Daar was ŉ ooreenkoms gewees dat hierdie Joint Committee net sal vergader alleenlik as daar iets wat wat al hierdie organisasies raak. Dan sal die Joint Committee bymekaar kom.

Was al die mense wat teenwoordig was lede van die komitee? -- Hulle was lede van die organisasies waarvandaan hulle gekom het.

HOF : Die vraag is of die persone wie se name u genoem het die Joint Committee of wel ook net ŉ deel van hulle Joint Committee uitgemaak het? -- Nee, wat ek verstaan het daar was dat dit het afgehang van die organisasie, byvoorbeeld as daar nou ander probleme ontstaan dat die organisasie nou gaan besluit wie die organisasie gaan afvaardig om die organisasie te gaan verteenwoordig by die Joint Committee.

Dit/...

Dit was nie ŉ staande reël gewees dat nou hierdie persone behoort te wees wat by hierdie vergadering teenwoordig was nie.

MNR. HANEKOM : As u lees paragraaf 5 van die brief, BEWYS-STUK AN9 "We further urge you in conjunction with the committee to run the school in accordance with the wishes of the parents and students alone. Kan u dit verduidelik, wat bedoel u daarmee? -- Dit was ŉ versoek wat gemik was aan die hoof van die skool dat hy as hoof van die skool, die gevoelens van die ouers in oorweging moet neem sowel as die kinders se gevoelens aangaande die besluite wat hy neem op skool, want dit is die ouers wat die gelde betaal vir die kinders op skool as leerlinge. Dus moet hy nie uit die oog verloor dat hulle ook belangstel in die onderwys en die deelname van die kinders op skool nie.

Die laaste paragraaf die drastiese aksie wat julle sou neem as hy nie gehoor gee nie, wat is daarmee beoog? -- Wat ons destyds in gedagte gehad het was dat ons ŉ petisie sal moet maak wat deur die ouers geteken word. In die petisie sal daar ŉ beroep gedoen word op die hoër gesag wat in beheer is van die skool, naamlik die inspekteurs, dat die huidige hoof van die skool verwyder moet word van daardie skool, omdat die hoof nie die gevoelens van die ouers ook in oorweging neem op besluite wat hy maak nie.

HOF : Maar was dit nie ŉ departementele beslissing dat kinders wat hulle standerds gedruip het nie hertoegelaat word nie? -- Nee.

Was dit bloot ŉ beslissing op plaaslike vlak? -- Ek sal sê dit is so, ja, want ons het later gevind dat die die prinsipaal was wat die kinders van die skool af weggejaag

het/...

het.

En die ander geval van Thafeni is hy heringestel na die brief? -- Ek kan nie meer so goed onthou of hy ook een van die kinders was wat hertoegelaat was op die skool nie. Die rede daarvoor is dat tydens die hertoelating van die kinders wat hier na verwys word, van hulle het alreeds plek gekry by ander skole waar hulle toegelaat was. Dus is ek nie in staat om vir die Hof te kan sê of hy teruggekeer het na hierdie skool toe met hertoelating en of hy toelating by 'n ander skool gekry het nie. Al wat ek kan sê is, ek onthou dat hy teruggekeer het. Hy was op skool, nie te Lebohang nie, maar by watter skool kan ek nie sê nie.

Die kinders van St. 8 en 9 het blykbaar gedruip, maar het daar niemand in St. 9 gedruip nie? -- Die kinders wat nie hertoegelaat word nie, was St. 8 en 10.

Maar waarom was daar 'n onderskeid gemaak dat dié wat gedruip het in St. 9 is wel hertoegelaat? -- Dit is presies wat ons ook verbaas het. Wat ons nie verstaan het nie is hoekom word die eksterne eksamen studente nie hertoegelaat as hulle gedruip het nie, maar dié wat die interne eksamens geskryf het, al het hulle gedruip, word hulle toegelaat.

MNR. HANEKOM : Wat het die skoolprobleme in Boipatong te make met organisasies in Bophelong vir die Bophelong se Youth Organisation en die Bophelong Civic Association? -- Hierdie skool wat ek na verwys Lebohang is die enigste hoërskool vir beide Boipatong en Bophelong se kinders.

En u eie organisasie, die Boipatong Youth Organisation was eintlik gemik op die nie-skoolgaande kinders. Op watter gesag praat julle vir die skoolgaande kinders? -- Wat gebeur met ons broers en susters wat op skool is, raak

ons/...

ons ook.

Dit raak dan eintlik meer ŉ politieke kwessie as ŉ skool kwessie? -- Nee, dit is ŉ skoolprobleem.

Hoe het u gedink moes ŉ skool funksioneer as hy moet funksioneer volgens die wense van die skoolkinders soos u dit daar in paragraaf 5 uiteensit? -- Wat ek in gedagte gehad het was die volgende dat die skoolowerhede, indien hulle iets oorweeg om te beplan wat op hierdie skool van toepassing gaan wees, sal hulle eers die gevoelens van die ouers moet verneem daaromtrent, hoe hulle voel asook die kinders, voor dit van toepassing gemaak kan word by die skool.

HOF : Met ander woorde, as hulle nou byvoorbeeld in plaas van drie dae ŉ week, vier dae ŉ week wetenskap wil doseer, dan moet hulle die kinders daaroor raadpleeg onder andere? -- Ja, byvoorbeeld, as hulle besluit op vier dae wat eintlik drie dae was en die gevoel van die studente of die ouers dat daar sekere vakke is wat gaan lei daaronder en hulle redes gee, dan moet die owerhede gehoor daaraan gee.

MNR. HANEKOM : En as die kinders nie van sekere vakke hou wat gedoseer word nie, kan hulle daaroor besluit, of hulle die vakke gedoseer wil hê of nie. Is dit wat u sê? -- Dit kan wees, maar dit is nie al die kinders wat daarop kan besluit dat hulle nie op ŉ spesifieke vak gedoseer wil word nie. Daar is baie vakke. As die kinders nie van daardie vak hou dat hulle daarin gedoseer word nie, dan kan hulle ŉ ander een kies. Die keuse is wyd.

En u stel dit in BEWYSSTUK AN9 as nie aan hierdie vereistes gehoor gegee word nie, dat die kinders se wense so in ag geneem moet word nie, dan gaan julle drastiese

stappe/...

stappe neem?

MR BIZOS : Is the prosecutor entitled to separate the sentence in the manner in which he did. The letter is clear, parents and children. One assumes that they have a community of interest.

COURT : Why should that necessarily be so?

MR BIZOS : Because the "and" is used conjunctively there clearly.

HOF : Herhaal die vraag dat ek hoor wat hy is?

MNR. HANEKOM : As daar nie aan julle vereistes voldoen word dat die wense van die kinders gehoor moet word in die bedryf van die skool nie, dan gaan julle drastiese aksie neem?

HOF : En die ouers. -- Dit was gemik na aanleiding van die probleem wat alreeds bestaan het. Soos u kan sien, daar was 'n versoek gerig aan hom om die gevoelens van die ouers en die kinders te oorweeg alvorens hy enige besluit neem.

Maar die ding gaan eintlik 'n stappie verder. Die paragraaf sê "We further urge you in conjunction with the committee to run the school." Dus met ander woorde, die prinsipaal moet nou die skool bedryf "in conjunction with the committee". -- Die komitee is 'n komitee wat van die inwoners af gekies is en daarby bedoel ons met ander woorde dat die bedryf van die skool wat hy uitvoer sal hy moet doen met inagneming van die komitee wat van die inwoners af gekies is.

Laat ons nou net dit ontleed. Was daar nie by daardie hoërskool 'n ouerkomitee nie? -- Volgens my kennis is daar wel ouerkomitees op skole.

As daar 'n ouerkomitee is, waarom word die prinsipaal nie aangespoor om die skool te bedryf hand aan hand met die

ouerkomitee/...

ouerkomitee nie? -- Wat ek van weet met betrekking tot hierdie ouerkomitee is dat dit ŉ komitee is wat vergader een maal in ŉ jaar. Dit is die dag van die funksie wat op skool gehou is. Dan vergader daardie komitee.

En julle? Die Joint Committee? -- Dit is ŉ komitee wat in die belange van die gemeenskap breedvoerig inkyk, dit wil sê alle probleme wat ontstaan.

Dit kom dus eintlik basies daarop dat die prinsipaal die skool moet bedryf hand aan hand met ŉ komitee waarvan die helfte bestaan uit twee jeugorganisasies hoofsaalik van nie-skoolgaande kinders? Ek moet dit net herhaal, nie-skoolgaande jeug nie, nie-skoolgaande kinders nie? -- Nee, dit is nie so nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Net die ander ding wat daarmee saam hang, die ander helfte van die komitee is nie die ouers alleen nie, maar dit is almal, al die inwoners van die woongebiede. -- Dit is reg, maar die probleem was nie net ŉ probleem vir die ouers wat kinders het op skool nie. Dit was ŉ probleem van die ouers met die kinders op skool sowel as die gemeenskap as geheel, want as hierdie probleem nou plaasvind en dit het betrekking op my, môre gaan dieselfde probleem opduik en dan is dit gemik op my.

HOF : Nee, u stel dit net ŉ bietjie lomp. U sê as dit nou ŉ ander se probleem is, môre is dit my probleem. Is dit wat u bedoel? -- Dit is wat ek eintlik bedoel. U het dit reg verstaan.

MNR. HANEKOM : En as die skoolhoof nie gehoor gee aan hierdie eise nie, dan word daar drastiese stappe geneem deur julle komitee? -- Daar het ek gesê wat daarby bedoel word is dat indien die prinsipaal nie voldoen aan die versoek wat aan

hom/...

hom gerig word nie, dan sal daar stappe geneem word naamlik dat 'n petisie geteken sal word wat dan veroorsaak dat hy as 'n prinsipaal verwyder moet word van die skool omrede hy nie die gevoelens van die ouers van die skoolgaande kinders in oorweging neem op sy beslissings nie.

Ek verwys u na AN10. Waar is die vergadering gehou waar
K684 AN10 opgestel is? -- Dit was te Bophelong gehou.

HOF : Het ek die datum of kan u my 'n datum gee? -- Ek kan nie meer so goed onthou wat die datum was nie, maar as ek nie verkeerd is nie was dit in Meimaand.

Mei 1984? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Was dit by 'n persoon se huis gehou in Bophelong? -- Ja, dit is so.

Wie se huis? -- By Toto Mcetsywa se huis.

Was dieselfde mense teenwoordig wat op die vergadering van 7 Februarie 1984 teenwoordig was? -- Die meerderheid, ja. Die ander kan ek nie meer so goed onthou wie die persone was nie.

Was daar nuwelinge wat nie op 7 Februarie se vergadering was nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek kan nie die ander onthou wie hulle was nie.

HOF : Nee, maar beteken dit daar was nuwelinge maar u onthou nie hulle name nie of beteken dit u onthou nie wie die ander persone was nie, wat noodwendig nuwelinge was nie? -- Wat ek daarby bedoel is dat van die lede wat teenwoordig was by die vorige vergadering, was die meeste teenwoordig. Daar was wel nuwelinge gewees wat nie by die vorige vergadering teenwoordig was nie wie se name ek nie meer kan onthou nie.

MNR. HANEKOM : Wie het die vergadering gereël? -- Ek het dit gereël.

Hoe/...

Hoe het dit gekom dat u dit gereël het? -- Dit was as gevolg van die koerantberig wat ek gelees het waar die kennisgewing gemaak was deur die raad van Sebokeng, dit is die Vaal Administrasieraad.

Wat het die kennisgewing behels? -- Die kennisgewing se inhoud was dat die predikante in kennis gestel word dat hulle nie meer verder moet toelaat dat daar vergaderings gehou moet word in die kerkgeboue waar hulle as predikante dien nie.

Alle vergaderings of net vergaderings van ʼn politieke aard? -- As ek nog reg onthou wat die inhoud van daardie kennisgewing was, het dit nie spesifiseer watter tipe vergaderings belet word nie.

Wat het u daar onder verstaan? Sou kerkvergaderings belet word in die kerke? -- Wat ek sê is, as ek nog reg onthou, die inhoud van hierdie kennisgewing was dat die predikante moenie verder toelaat dat daar vergaderings gehou word, vergaderings wat nie van die kerk af is nie. Dit wil sê Christelike vergaderings.

Het die besluit u organisasie geraak? Die Boipatong Youth Association? -- O, ja.

U getuienis was dan dat die Boipatong Youth Organisation nooit vergaderings gehou het behalwe hierdie twee gesamentlike vergaderings nie. Hoe het dit u geraak? -- Hier het ek getuig dat met die stigting van Boipatong se Youth Organisation het ons by die NG Kerk vergader. Tweedens, by hierdie kennisgewing was dit alreeds bekend gemaak dat ons daar aansoek gedoen het vir die gebruik van kerke as vergaderplekke. Derdens, by daardie tydstip was ons nie toegelaat om gebruik te maak van die sale nie. Dit het ons dus op hierdie manier

geraak/...

geraak. As die kennisgewing nou gemaak word wat aan die predikante gegee is dat hulle nie moet toelaat dat daar vergaderings gehou moet word by die kerkgeboue nie, dan het ons geen ander plek waar ons kan vergader nie.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Op 7 Februarie het u 'n brief geskryf aan verskillende kerkgenootskappe waarin u sale vra of vergaderplekke vra? -- Dit is so.

Het almal julle geweier? -- Ek aanvaar dat hulle geweier het, want daar was geen antwoorde gewees op die aansoeke nie. Hulle het net stil gebly. Dus aanvaar ek dat hulle (10) geweier het.

MNR. HANEKOM : As u in alle geval nie die kerke tot u beskikking gehad het nie, hoe het hierdie kennisgewing u geraak? -- Ek volg nie u vraag nie.

Die vraag is, as u dan in alle geval nie die gebruik van die kerke gehad het nie, hoe het die kennisgewing dat julle dit ook nie in die toekoms mag gebruik nie julle geraak? -- Dit het ons op hierdie manier geraak. Ons het nog in gedagte gehad dat indien dit nodig word vir ons om 'n vergadering te hou, sal ons nogtans teruggaan na die predi- (20) kante toe om met hulle te gaan pleit vir 'n toestemming om vergaderings te hou by die kerke, maar as hierdie predikante nou hier 'n kennisgewing gegee word dat hulle onder geen omstandighede dit moet toelaat nie,dan het ons geen ander keuse gehad hetsy om by hulle te gaan pleit of enige ander versoeke aan hulle te rig nie, vir enige vergadering nie.

Het u die kennisgewing met enige persoon bespreek voor die vergadering? -- Ja, dit is so.

Met wie? -- Mnr. Tsotso.

Het julle toe besluit om 'n vergadering te belê? -- Ja, (30)

dit/...

dit is so.

Wat was die doel daarvan? Wat wou julle bereik met die vergadering? -- Dit was om vas te stel wat die persepsie was van die gemeenskap se organisasies, want dit was al duidelik gewees volgens die kennisgewing dat hulle ook geraak word deur hierdie kennisgewing.

HOF : Ek het netnou aan u gestel dat julle op 7 Februarie 'n brief geskryf het aan die kerke. Dit is verkeerd. Ek dink dit was op 21 Januarie. -- Ja, dit is so.

Maar u antwoord bly dieselfde in elk geval dink ek? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Wie het op die vergadering besluit om hierdie brief, BEWYSSTUK AN10 te skryf? -- Dit was die organisasies teenwoordig daar.

Is die sin in paragraaf 2 van die brief, die tweede sin "The very same Vaal Administration Board has closed the local halls, thus making it difficult for the community meetings to be held and labelling them political in nature." Is dit korrek? -- Ek volg nie u vraag nie. Wat is die vraag?

Is dit 'n korrekte stelling? -- Ja, dit is so.

Was die plaaslike sale net verbode vir politieke vergaderings? -- Nee, nee, nee, wat ek daarby bedoel is dat die Administrasieraad weier die gemeenskapsorganisasies om vergaderings te hou by die sale. Daar is nêrens in daardie brief wat u na verwys waar ek sê dit word geweier vir vergaderings van politieke aard nie.

Maar ek vra u, was die sale nie net geweier vir politieke vergaderings nie? -- Wat ek van weet is dat die gemeenskapsorganisasies was toestemming geweier om vergaderings in die sale te hou.

Watter/...

Watter organisasies was geweier? -- Byvoorbeeld ons organisasie van die jeug en die "civic organisations".

Watter "civic" organisasies is geweier? -- Byvoorbeeld Boipatong. Boipatong was eintlik 'n areakomitee van die Civic Association.

Van VCA? -- ja.

Watter vergadering van hulle is geweier? -- Ek weet nie watter een spesifiek geweier nie. Wat ek wel van bewus is is dat hulle geweier was om vergaderings daar te hou.

Hoe het u dit geweet? -- Ek woon in die lokasie daar.

Die vraag is, hoe weet u 'n saal is geweier vir die Boipatong Civic Association? -- Ek was daarvan bewus dat die inwoners se organisasies nie toegelaat is om vergaderings in hierdie sale te hou nie.

Die vraag is net eenvoudig, hoe was u bewus daarvan? Hoe het u bewus geword daarvan? -- Nee, dit was 'n bekende ding onder die publiek.

Was dit gerugte wat die rondte gedoen het in die woongebied? -- Ek volg nie wat u daarby bedoel nie, want ek sê vir u dit was 'n bekende ding in die omgewing daar. Ek weet nie of iemand nou daar rondgeloop het en vir die mense daarvan gesê het nie.

U het nie persoonlike kennis gehad daarvan dat 'n spesifieke vergadering op 'n spesifieke dag in 'n spesifieke saal geweier is vir die Boipatong Civic Association nie? -- Omrede ek nie 'n lid was van die Civic Association nie, sal ek nie in staat wees om vir u te kan sê dat ek van 'n spesifieke vergadering weet nie. Daardie tipe kennis sou ek opgedoen het indien ek 'n lid was van die Civic Association van Boipatong waar ek miskien gemoeid was met die verkryging van 'n

vergaderplek/...

vergaderplek naamlik die saal waar ek nou aansoek moes gaan doen het vir die gebruik daarvan. Dan sou ek daardie tipe kennis opgedoen het.

Is u eie organisasie, die Boipatong Youth Organisation 'n saal geweier vir 'n vergadering? -- Ja, dit is so.

Wanneer was dit? -- Dit was in Januarie gewees. Dit was toe ons 'n vergadering gaan hou het by die NG Kerk.

MNR. BIZOS VRA VERLOF VIR BESKULDIGDE NR. 3 OM DIE HOF DRINGEND TE VERLAAT.

MNR. HANEKOM : In watter saal wou u vergader? -- Boipatong.

Waar het u aansoek gedoen vir die saal? -- By die plaaslike superintendent.

HOF : Wat is die naam van die saal? -- Boipatong Community Hall.

MNR. HANEKOM : Wat was die rede van die superintendent? Hoekom weier hy die saal? -- Ek kan nou nie 'n spesifieke rede onthou wat hy verskaf het hoekom hy dit weier nie, maar wat ek wel kan sê is dat ek onthou dat hy melding gemaak het daarvan dat hierdie sale is nie bedoel vir die hou van vergaderings nie. Met ander woorde, wat ek daarby bedoel is dat hy gesê het hy, wat die superintendent is, het nie die reg om toestemming te verleen vir die hou van vergaderings in die sale nie.

Alle vergaderings of net politieke vergaderings? -- Ek onthou dat hy gesê het vergaderings.

Moes julle die program van die vergadering voorlê by die aansoek vir die saal? -- Wat ek wel onthou is dat hulle van ons verneem het wat die rede was hoekom ons 'n vergadering moet hou.

Het u toe 'n program voorgelê? -- Nee.

Is/...

Is dit die enigste plek waar u 'n saal geweier is? -- Ek het verstaan dat hy bedoel het onder geen omstandighede in die toekoms sal ons toegelaat word vir die gebruik van hierdie saal nie.

Was dit spesifiek net vir die Boipatong Youth Organisation? -- Vroeër in antwoord op u vraag het ek gesê dat hy gesê het dat hy nie die reg het om die saal oop te maak vir die hou van vergaderings nie en toe ek hom daar genader het, het ek hom genader as 'n lid van die jeugorganisasie daar.

Waarom het u in paragraaf 2 van AN10 die stertjie bygesit dat hulle die vergaderings bestempel as politiek van aard? -- Dit is wat eintlik daar bekend geword het by hierdie vergadering van ons.

Het dit by die vergadering geblyk dat net politieke vergaderings geweier is? -- Nee. As ek die sin hier mooi verstaan lees die sin as volg: Dat die gemeenskapvergaderings wat gehou word word bestempel as politieke vergaderings.

Was u ongelukkig toe die saal in Januarie 1984 vir jou organisasie geweier is deur die superintendent? -- Dit is so.

Waarom het u nie in u hoofgetuienis daarvan melding gemaak nie? -- Omdat ek nie daaroor gevra was nie.

Die tweede sin van die vierde paragraaf wat lees "We object most strongly in this racist and unchristian attitude of the Vaal Administration Board's acting director." Wat bedoel u met sy "racist attitude." Hoe kom dit ter sprake? -- Dit was - kontribusie wat van die ander lede van die Joint Committee af gekom het. Dit wil sê die gesamentlike komitee het dit voorgestel. Eintlik wat daar duidelik

gemaak/...

gemaak was deur die gesamentlike komitee was dat die persoon wat hierdie besluit geneem het, het die besluit geneem, onder andere het hy in sy gedagte gehad dat hy te doene het met Swartpersone. Dus het ek hierdie tipe besluit geneem.

HOF : Op grond waarvan het hulle dit geweet? -- Die boodskap daar van hierdie gesamentlike komitee was dat die besluit van die Vaal Administrasieraad wat geneem was deur mnr. Schutte, was gebaseer op die invloed dat hulle te doene het met die uitsondering van Swartpersone, dit wil sê dat hulle die invloed gehad het teenoor die Swartpersone.

Wat bedoel u met invloed? -- By invloed bedoel ek dat indien ek geplaas is in 'n posisie van hoë gesag waar ek besluite moet neem, dan besluit ek op so 'n manier dat dit nie 'n goeie wins het vir sekere rasse van persone nie. Dit wil sê dat ek nie vir die ander persone goeie wins in hulle guns kan gee nie.

So, basies wat u sê dit is dus uit rasse-vooroordeel wat die besluit geneem is? -- Volgens hoe ek dit verstaan het, volgens die gesamentlike komitee daar, is die boodskap dat die persone wat hierdie tipe besluit geneem het, het hierdie besluit geneem met die verstandhouding dat hulle, dié wat besluit neem, die enigste persone is wat die reg het om te besluit wie gebruik kan maak van hierdie sale en wie nie.

Ek begryp nie u antwoord nie. As ek die stadsaal wil huur in Pretoria dan moet ek ook na die superintendent van die stadsaal gaan of die opsigter en hy is dan ook die enigste persoon wat kan besluit of ek hom moet kry of nie moet kry nie. Dus daar is altyd iemand wat moet besluit wie 'n saal moet huur? -- Ja, dit is so.

En/...

En as hy vir my die saal weier, dan noem ek hom nie noodwendig ŉ "racist" nie. Die vraag is, waarom noem u hierdie mense "racists"? -- Nee, sê nou maar ek was in beheer van die Stadsraad van Pretoria se saal as ŉ Swartpersoon tussen die Blankes en hier kom ŉ Blanke en ek is die enigste persoon om te besluit wie van die Blankes gebruik kan maak van daardie saal, het ek dit so verstaan, dit is die boodskap wat ek verstaan het van die gesamentlike komitee se besluit op hierdie opmerking.

So, bloot die feit dat die man ŉ Blanke is, beteken dat die beslissing "racist" is? -- Ek het dit so verstaan volgens die besprekings van die gesamentlike komitee, dat hierdie persone is nou in beheer van die sale. Hulle is nou die persone om te besluit wie die sale kan gebruik en wie nie en op daardie stadium, die enigste persone wat toegelaat was om gebruik te maak van hierdie sale was die gemeenskapsraadslede. Met die gevolg hulle het besluit dat die raadslede alleen toegelaat word vir die gebruik van die sale en niemand anders nie. Op daardie basis het ek dit verstaan dat dit dan die "racists" se besluite was. Dit is hoe ek hierdie kontribusie van die gesamentlike komitee verstaan het toe dit oorgedra was.

Ek wil u nie baie ver oor hierdie ding uitvra nie, maar ek het nie duidelikheid nie. Ek moet u eerlik sê. Is "racists" by u ŉ blote skelwoord of het dit nog ŉ betekenis? -- Ek verstaan hierdie woord van "racist" as om te beteken dat daar ŉ persoon die rassekleur uitsonder.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ek miskien net nog hierdie een vraag vra voordat mnr. Hanekom teruggaan. U wil nie hierdeur te kenne gee dat persone van ander rassegroepe wel die sale

kon huur nie. Soos ek dit verstaan is dit net Swartmense wat die sale kon huur? -- Ek verstaan dit soos volg dat sulke tipe sale is bedoel vir die gebruik van die Swartmense. Ek volg nie u vraag eintlik so mooi nie.

U sê onder "racist" verstaan u dat 'n persoon 'n kleurkonnotasie heg aan sy besluit om die saal beskikbaar te stel? -- Dit is my verstandhouding van die gebruik van die woord.

Maar nou, die punt wat ek probeer maak is net dit of die punt wat ek vir u vra om te verduidelik is dit, is dit dan nie so nie, in die geval van hierdie sale, kon dit net gehuur word deur Swartmense? -- Nee, ek weet nie hoe u dit verstaan nie, maar wat ek vir u wil sê is die volgende. Ek het verstaan dat hierdie sale bedoel is vir die inwoners van die lokasies, naamlik die Swartmense, maar die ander rasse kan daar betrek word in die sin, sê byvoorbeeld daar is Blankegodsdiens wat gehou moet word en hier kom nou Blankes wat nou voel hulle wil 'n kerkdiens kom hou by een spesifieke saal, het hulle die reg gehad om die saal te huur, om dan van daardie saal af te gaan preek.

<u>HOF</u> : Ja, maar prakties gesproke het dit nie gebeur nie. Is dit nie so nie? -- Nee. Ek dra nie kennis van so 'n voorval wat plaasgevind het nie en ek weet ook nie van die beleid dat dit net bedoel is vir hierdie ras mense en nie die ander rasse nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : U het nou deurgaans gepraat van die gesamentlike komitee wat hierdie sin so geformuleer het. Het u self ook gevoel dat die direkteur van die Administrasieraad 'n rasistiese houding openbaar het in hierdie besluit? -- Wat ek daarby verstaan het was dat Schutte het hier 'n verstandhouding

gebring/...

gebring aan ons dat hy die enigste persoon is wat die besluit het oor wie daardie saal kan gebruik en Schutte het hom self as 'n senior beampte beskou van 'n Blanke in beheer van die saal en met die verstandhouding dat Schutte dit nou by ons tuisgebring het, het Schutte bedoel dat net hy alleen van sy ras kan besluit. As gevolg daarvan het ek hom dus as 'n "racist" bestempel.

U weet mos nou u praat nie korrek nie. Mnr. Schutte kan mos net handel op gesag van die Raad? Hy kan mos nie alleen optree nie? Die saal behoort mos nie aan hom persoonlik nie? Net voor u antwoord, in aansluiting daarby, julle brief begin ook so in paragraaf 1 dat julle besef dit is die Orange Vaal Administration Board wat optree? -- Ja, ek sê ook so. Dit is nie 'n kwessie van dat ek Schutte nou as 'n persoon beskuldig nie. Ek het my antwoord gemik op die Administrasieraad as geheel.

Waarom meld die brief dan die rasistiese - "The racist attitude" van die raad se direkteur as dit teen die raad gemik was?

HOF : Laat ons net die presiese bewoording kry. "We object most strongly in this racist and unchristian attitude of the Vaal Administration Board's acting director." -- Die kennisgewing wat ons van praat was hier onderteken deur die waarnemende direkteur Schutte. Hierdie brief maak dit duidelik dat dit 'n besluit was van die Orange Vaal Administrasieraad.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Mnr. Mokoena, die brief, BEWYSSTUK AN10 is weer afgesluit met 'n dreigement.

Ek/...

-- Ek stem nie saam nie.

Ek lees vir u die laaste sin "We therefore wish to make it known to him and his Board that this is a deliberate provocation which cannot be tolerated any longer by the community at large." Sê u dit is nie 'n dreigement nie? -- Nee, dit is nie 'n dreigement nie.

Wat sou gebeur as die gemeenskap hierdie optrede dan nie meer kan verduur nie, nie meer kan "tolerate" nie, soos u dit daar stel? -- Wat ek daarby verstaan is dat ons aanvaar dit nie of ons laat dit nie toe dat ons geweier word om die kerke te gebruik net soos dit gedoen was met die sale nie.

Was in Mei 1984 toe die brief geskryf is, u eie organisasie, die Boipatong Youth Organisation 'n sterk organisasie? -- Soos ek alreeds gesê het ek kan nie met sekerheid sê presies wanneer hierdie vergadering gehou was nie, maar ek skat ongeveer by Meimaand. Op daardie tydstip het hierdie organisasie nog bestaan.

HOF : Was dit 'n sterk organisasie? -- Dit was 'n organisasie gewees wat bestaan het met die interim komitee wat nog bestaan het in hierdie tyd. Al wat dit duidelik gewees dat van die lede van die interim komitee belang verloor het in die hele ding, het dit nog bestaan.

MNR. HANEKOM : Maar dit was 'n organisasie wat sy stem nog dik gemaak het? -- Ek volg nie wat u daarby bedoel nie.

U organisasie het die leiding geneem spesifiek met hierdie vergadering? -- Daar was verteenwoordigers van my organisasie gewees by hierdie vergadering.

Die stelling is, u organisasie het die leiding geneem. U self het die leiding geneem vir die vergadering? --

Vir/...

Vir hierdie vergadering om gehou te word, het dit plaasgevind na ek mnr. Tsotso ontmoet en ek en hy ooreengekom het oor die hou van ŉ vergadering wat ons nodig geag het.

Maar u het namens die organisasies byeengekom. U het nie in u persoonlike hoedanigheid vergader nie? -- Dit is so, ja.

Het u persoonlik hierdie brief oorhandig aan die superintendent? -- Ek het die brief soontoe geneem, maar dit het ek oorhandig aan een van die klerke daar in die kantore.

HOF : Ek wil u vra oor die bewoording van die brief. Dit lyk vir my meer na ŉ verklaring as ŉ brief, want dit is nie geadresseer aan iemand nie en mnr. Schutte nie aangespreek word. Ek het die indruk gekry by die lees van die dokument dat dit eerder ŉ verklaring is, miskien ŉ persverklaring, miskien ŉ algemene verklaring. U mag hom aan die superintendent oorhandig het, maar dat dit bedoel was as ŉ openbare verklaring. -- Met die opskryf van hierdie dokument was die bedoeling daarvan om ŉ protes aan te teken oor die besluit wat deur die Administrasieraad geneem was. Soos dit uiteengesit is in die eerste paragraaf van hierdie geskrewe dokument dat dit ŉ stap was wat geneem is deur die Administrasie raad.

So, is dit dan reg, my afleiding dat dit ŉ openbare protes was, nie ŉ brief gerig aan die Administrasieraad nie? -- Dit was gemik op die Administrasieraad want die koevert was geadresseer aan die Administrasieraad.

MNR. HANEKOM : Het u afskrifte van die dokument BEWYSSTUK AN10 aan die pers gestuur? -- Nee.

Het u dit op enige manier onder die aandag van die inwoners in Boipatong en Bophelong gebring? -- Nee, ek het

nie/...

nie. Daar is geen ander manier wat gebruik was om die inhoud aan die inwoners bekend te maak nie. Dit wil sê deur middel van pamflette ensovoorts, behalwe om met mense persoonlik te praat.

Het julle met mense persoonlik gepraat? -- Ek weet nie van die ander mense nie, maar ek self was al in ŉ gesprek betrokke met ander mense aangaande hierdie besluit van die Administrasieraad oor hierdie aangeleentheid.

HOF : U het tog seker op skool geleer hoe ŉ mens briewe skryf, dat ŉ mens bo-aan jou adres sit en dat jy ook onderaan teken wie dit geskryf het sodat jy ŉ antwoord kan ontvang? -- Dit was nie die verwagting dat die Administrasieraad hierop moet antwoord nie. Dit was ŉ kwessie van om die Administrasieraad in te lig van wat die gevoel is oor die besluit wat hulle gaan neem.

MNR. HANEKOM : Dan stel ek dit weer aan u dat u het nie ŉ versoek aan die Administrasieraad gerig om sy besluit in heroorweging te neem nie, maar die doel van AN10 was ŉ dreigement aan hulle?

MR TIP : Before the witness answers that, the second last paragraph begins "We therefore call upon the Vaal Administration Board to withdraw its ban." So, there is a request.

HOF : Ja, u is nie heeltemal korrek nie.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer. Ek trek daardie vraag terug. Dan stel ek dit aan u dat u AN10 nie in die vorm van ŉ brief geskryf het aan die Administrasieraad nie, omdat u onderhandeling met die Administrasieraad wou voorkom. U wou nie met hulle onderhandel daaroor nie? -- Dit was die besluit van hierdie vergadering gewees dat hierdie geskrif op hierdie manier opgestel moet word.

HOF/...

HOF : Maar het u nie bespreek dat u ŉ afspraak wil maak met mnr. Schutte en met hom gaan praat oor hierdie onlogiese optrede van sy kant nie? -- Nee. Al besluit wat geneem was was om hierdie skrif op te stel soos dit nou opgestel is om hom te laat weet wat die gemeenskap se gevoelens is.

MNR. HANEKOM : Het u die gemeenskap geraadpleeg in hierdie verband? -- Die organisasies wat hier vergader het, het hier namens die gemeenskap opgetree.

Het u in u organisasie, in die Boipatong Youth Organisation voor hierdie vergadering wat gehou is, ŉ vergadering gehad met die gemeenskap en hulle gevoel getoets oor hierdie aangeleentheid?

HOF : Terwyl dit verduidelik word, beskuldigde nr. 3 is terug in die hof ek dink vanaf na tee.

MR BIZOS : That is correct. -- Dit sou baie moeilik gewees het vir ons om ŉ vergadering te hou met die gemeenskap na aanleiding van die feit dat die Administrasieraad eers geweier het die sale vir die gebruik vir vergaderings en tweedens hier word nou ŉ kennisgewing gegee aan die kerkmense om nie die kerke beskikbaar te stel vir die hou van die vergaderings nie. Dus was dit vir ons moeilik gewees om enige vergadering te hou met die gemeenskap om hierdie gevoelens van die gemeenskap te hoor.

MNR. HANEKOM : U kon sekerlik huisvergaderings gehou het? -- Dit was vir ons maklik gewees dat hierdie vergadering gehou word met die mense wat verteenwoordigers is van die gemeenskap.

U het nie eers u eie komitee, die Boipatong Youth Organisation se komitee byeen geroep voor hierdie vergadering nie? -- Wat bedoel u dat ons nie eers bymekaar gekom het

nie/...

nie om te besluit wie by hierdie vergadering van ons moet teenwoordig wees.

Nee, u getuienis was u het die aangeleentheid met Tsotso bespreek. Ek sê u het nie eers die aangeleentheid met u eie komitee bespreek voor hierdie vergadering nie? -- Wat ek sê is dat onmiddellik na ek hierdie berig gesien het in die koerante, het ek en mnr. Tsotso ontmoet en na dit het ek dan toegesien dat ek van die lede van die Boipatong Youth Organisation gesien het, dié wat ek in staat was om te ontmoet.

Het u 'n vergadering gehou met die komiteelede? -- Ek het hulle genader.

Die vraag is, het u 'n vergadering gehou met hulle? -- Ek sê nee, ek het hulle genader.

Wie was dit? Watter lede van die komitee? -- Ek onthou van Stompie Maabe, Ace Blaai, Shaudi, as ek reg is en Jabulani Khumalo.

Waarom kom u nou met die getuienis uit? Ek het u spesifiek gevra vroeër of u die aangeleentheid met enigiemand anders bespreek het en u het gesê met Tsotso? -- Ja, dit is so.

Nou vra ek u, waarom kom u nou met hierdie getuienis uit? -- Dit is omdat u nou die voorstel gemaak het dat ek nooit 'n vergadering gehou of ontmoet het met die lede van my komitee nie. Ek sê nee, dit is nie so nie, ek het hulle ontmoet.

Laat ek dit nog een maal so vra. Toe ek u gevra het of u hierdie aangeleentheid met enigiemand bespreek het, hoekom het u nie toe vertel dat u dit met u komitee bespreek het nie? -- Nee, ek was nie spesifiek gevra of ek dit ooit met my komitee bespreek het nie. Die vraag was het ek dit

ooit/...

ooit met enigiemand bespreek en toe het ek gesê ja, met mnr. Tsotso.

Ek stel dit aan u dat u daar ŉ leuen vir die Hof vertel het? -- Ek stem nie saam met u stelling nie.

Op watter gesag het julle Joint Committee ... (Mr Bizos intervenes)

MR BIZOS : The last remark on the facts was not justified. Two of the persons were at the meeting. Therefore he must have spoken to them.

COURT : No, that is not the gist of the cross-examination, but seeing it is being raised I will just look up what the question was initially. That will take some time.

MR BIZOS : Mr Tip's note is "Did you discuss it with anybody before the meeting?"

COURT : Where do I find it?

MR TIP : One or two pages after the start of AN10 and I make it about four pages before the tea adjournment.

HOF : Al nota wat ek het is dat "Die kennisgewing het ek bespreek met mnr. Tsotso en ons het besluit om ŉ vergadering te belê." Maar dit is ŉ verkorte weergawe hierdie. Ek het nie die vraag nie. Ek kan nie die saak beoordeel nie. Ons sal later aan die hand van die notule beoordeel wat die korrekte posisie is en of die stelling wat aan u gemaak is dat u leuens vertel korrek is of nie. Die vraag wat My Geleerde Assessor afgeskryf het is ongeveer soos mnr. Tip hom afgeskryf het. "Ek het die voorgestelde vergadering met iemand bespreek" en toe is die antwoord "Ja, met mnr. Tsotso."

MNR. HANEKOM : Het julle vier organisasies vergader om te praat namens die "community at large"? Welke gesag het julle daarvoor gehad? -- Van die gemeenskap.

Waar/...

Waar het julle 'n mandaat van die gemeenskap gekry? Hoe kon julle praat op gesag van die hele gemeenskap? -- Ons het namens die hele gemeenskap gepraat want hierdie organisasies is deur die gemeenskap gekies. Met die stigting van hierdie organisasies was dit bedoel dat dit organisasies namens die gemeenskap sal moet optree waar dit nodig word waar die gemeenskap probleme ondervind.

Wel, die antwoord is nie heeltemal reg nie, want u eie organisasie was nog nie op die been op gesag van die gemeenskap nie? -- My organisasie was gestig deur die jeug onder die leierskap van die interim komitee.

En na hierdie vergadering het julle ook nie julle besluit en besprekings aan die gemeenskap bekendgemaak nie? -- Nee, ek weet nie of die ander organisasies dit gedoen het nie, maar myne het dit nie gedoen nie.

Hoe kon julle in AN10 sê dat die gemeenskap nie die optrede van die Administrasieraad sal "tolerate" nie? --
K685 Sal duld nie? -- Dit was die gevoel van hierdie organisasies wat daar bymekaar was dat wat die Administrasieraad gedoen het is iets wat die gemeenskap nie sal duld nie.

Hoe het julle geweet by hierdie vergadering dat dit nie miskien juis die gemeenskap - die groot gemeenskap se gevoel was dat kerke nie vir politieke doeleindes gebruik moes word nie? -- Die kennisgewing wat veroorsaak het dat hierdie vergadering moet word, was van die Vaal Administrasieraad afkomstig, nie van die gemeenskap nie!

HOF : Hoe weet u dat die Stadsraadslede nie gevra het vir so iets nie? -- Dat die Stadsraadslede deur die gemeenskap gevra was?

Nee, dat die Stadsraad as verteenwoordigende die

gemeenskap/...

gemeenskap die Vaal Administrasieraad dit gevra het? -- Nee, maar hierdie wat hier geskryf is is gemik op die Vaal Administrasieraad. Ons praat nie van die Stadsraad hier nie.

MNR. HANEKOM : Hoe het u geweet dat dit nie miskien selfs die kerk se gevoel was om nie sy perseel toe te laat vir politieke vergaderings nie? U het immers ondervinding gehad dat die kerke nie geantwoord het op u eie organisasie se versoeke vir vergaderplekke nie? -- Dan sou dit vervat geword het in hierdie kennisgewing dat dit ŉ besluit was van die kerke, dat die kerke nie meer gaan toelaat dat die gemeenskapsorganisasies vergaderings in die verskillende kerkgeboue hou nie.

U het gesê Boipatong Civic Association was ŉ gebiedskomitee van die VCA. Was dit ook die geval met die Bophelong Civic Association? Was hy ook ŉ gebiedskomitee van die VCA? -- Nee, ek weet nie van Bophelong Civic Association nie.

Hoekom is dit op die vergadering besluit dat u spesifiek AN10 aan die superintendent moes gaan oorhandig? -- Dit was omrede ek dit eers moes gaan tik het.

Was die rede nie omdat u so aktief was in die politieke aktiwiteite in die gebied nie? -- Nee.

Stem u saam dat u wel aktief was in die politiek? -- Ek stem saam dat ek deelgeneem het aan die gemeenskap se dinge wat die doen en late is van die gemeenskap.

Ek wil u verwys na BEWYSTUK AT2. Net vir rekorddoeleindes dit is ŉ UDF plakkaat wat ŉ UDF Youth Rally adverteer op 28 Julie 1984 in die Patidar Hall in Lenasia. Waar het u die plakkaat gekry? Voor u antwoord, laat ek die vraag net eers terug hou. Stem u saam dat die plakkaat by u gevind is, in u besit gevind is? -- Ja, dit is so.

Waar/...

Waar het u dit gekry? -- Edward Motubatsi het dit aan my oorhandig.

Dit is die man wat reeds geïdentifiseer is in die hof ook as Tshipa Motubatsi? -- Ja, dit is hy.

HOF : Waar word hy Tshipa genoem? -- Nee, ek het hier in die hof gehoor dat hy Tshipa genoem word.

O, ek dog dit het 'n besondere betekenis.

MNR. HANEKOM : Was hy aan u bekend? -- Dit is so, ja.

Was hy aan enige organisasie verbonde? -- Nee, ek weet nie.

HOF : Is hy van u buurt? -- Nee, hy het in Sebokeng gewoon.

MNR. HANEKOM : Wanneer het hy die plakkaat vir u gegee? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar dit was in Mei of Aprilmaand.

1984? -- Dit is so.

Waarom het hy dit vir u gegee? -- Hy het dit aan my gegee om dit op te sit te Boipatong.

Waar moes u dit opsit in Boipatong? -- By enige plek waar ek daarin kon geslaag het om dit op te sit. Waar mense dit kon gesien het. Dit wil sê mense in die meerderheid dit kon gesien het.

Het hy net een plakkaat vir u gegee of meer van hierdie plakkate? -- Ek dink dit was 'n paar gewees. Dit kon miskien twee gewees het, maar dit was nie net die een gewees nie.

Hierdie spesifieke plakkaat is nie opgesit nie, want dit is in u besit gevind. Het u van die ander plakkate opgesit?

HOF : U kan nie noodwendig die afleiding maak dat hy nie opgesit is nie. Hy kon weer afgehaal gewees het ook.

MNR. HANEKOM : Ja, ek het te vinnig gepraat. Laat ek dit

so/...

so stel. Het u van die plakkate opgesit? -- Ja, daar is van hulle wat ek opgesit het.

By watter geleentheid het Motubatsi die plakkate vir u gegee? -- Hy het na my toe gekom te Boipatong om dit aan my te gee.

Was dit die spesifieke doel van sy besoek aan u? -- Om my ook te versoek of ek nie in staat sal wees om die UDF se "million" handtekeninge kampanje uit te voer nie.

Het Motubatsi alleen na u gekom by hierdie geleentheid? -- Ja, dit is so.

Wat het hy vir u gesê, hoekom kom hy spesifiek na u toe? -- Weens die feit dat ons mekaar geken het, het ek hom nie gevra nie.

Is die rede nie omdat hy geweet het dat u is 'n aktiewe lid van die Boipatong Youth Organisation nie?-- Nee.

Het hy die beoogde UDF Youth Rally met u bespreek? -- Nee, hy het my net versoek om hierdie plakkate op te sit.

Motubatsi kon dit seker ewe maklik 'n paar plekke opplak in Boipatong. Hoekom vra hy u om dit op te plak? -- Ek weet nie wat sy rede was nie, maar wat ek wel sê is dat hy my genader het en my versoek het om dit op te sit.

Het u hom uitgevra oor die Youth Rally wat aan die kom was? -- Nee.

Het u afgesien van die plakkate wat u opgeplak het ook vir mense in Boipatong vertel van die Youth Rally wat gehou sal word op 28 Julie 1984? -- Nee.

Die spesifieke plakkaat wat in u besit gevind was, <u>AT2</u> was hy ook opgeplak? -- Nee, dit is wat oorgebly het.

Waarom het u dit gehou? -- Dit het oorgebly. Ek het geen spesifieke rede gehad om dit te hou nie.

Het/...

Het u die Youth Rally op 28 Julie 1984 bygewoon? --Nee, ek het nie.

Waarom nie? U het sulke besondere belang gestel in jeugaktiwiteite? -- Ek kon nie daarin slaag nie.

Die sprekers wat op die plakkaat aangedui word, het u enige van hulle geken? -- Nee.

Het u al gehoor van hulle? -- Nee.

Behalwe vir Dan Motsisi want u getuienis was u het gehoor van hom te Wilgerspruit. Hy was een van die sprekers daar? -- Ek kan my nie voorstel dat ek ooit gesê het dat ek vir Dan Motsisi gehoor het in ŉ toespraak te Wilgerspruit nie.

Nee, dit is nie wat ek aan u stel nie. U getuienis was by Wilgerspruit het u gehoor dat hy ŉ spreker was en u het sy naam op die program van Wilgerspruit gesien? -- Dan Motsisi? Waar het ek dit opgeskryf?

Ek sê nie u het dit opgeskryf nie. Ek sê dit was op die program van Wilgerspruit. Dit is <u>BEWYSSTUK AT7(C)</u>. -- Ja-nee, nou onthou ek dit. Ek het verstaan u sê dat ek dit opgeskryf het.

Wat het Motubatsi vir u gesê oor die UDF se "million signature" kampanje? -- Hy het gesê die bedoeling daarvan is om ŉ miljoen persone te kry om die "new deal" drie-kamer parlement te opponeer tesame met die Koornhof "bills".

Het hy u gevra om deel te neem aan die kampanje? -- Ja, hy het.

Hoe moes u deelneem aan die kampanje? -- Om die vorms geteken te kry.

Het hy vir u vorms gegee om dit te laat onderteken? -- Dit is so.

Hoeveel vorms het hy vir u gegee? -- As ek reg is, was

dit/...

dit net 'n bietjie meer as dertig.

En wat het hy gesê moet u met die dertig vorms doen? Moes u al dertig self laat voltooi? -- Hy het gesê ek moet dit laat teken deur mense.

Het u van die vorms vir mense gegee en gevra om dit te laat teken? -- Ja, daar is van hulle aan wie ek van die vorms gegee het.

Vir wie het u gegee? -- Ek onthou dat ek vir mnr. Tsotso gegee het, mnr. Balfour. Van die persone se name het ek opgeskryf op 'n stukkie papier wat gebruik word. Dit is eintlik nie 'n stukkie papier nie. Dit was 'n dagboek gewees waarin ek die persone se name geskryf gehad het.

Verwys u na <u>BEWYSSTUK AT13</u>? -- Dit is so, ja.

Edele, <u>AT13</u> is 'n dagboek en die inskrywing is onder die datum van 9 Januarie. Hier verskyn die name van mnr. Tsotso, 17 kopieë? -- Ja, dit is so.

Mev. Matlare vyf gegee? -- Ja, dit is so.

Mnr. Peter van die "dry-cleaners" een kopie? -- Ja, dit is so.

Wat is die volgende naam? -- Lempe.

Juf. Lempe een kopie? -- Ja, dit is so.

Mnr. Balfour en mnr. Moritsu? -- Ja, dit is so.

Wat het u met die ander kopieë gemaak, die res van die dertig? -- Ek het dit uitgevoer deur handtekeninge van persone te verkry.

Die mev. Matlare aan wie u vyf kopieë gegee het, wie is sy? -- Sy is 'n inwoner van Boipatong wat werksaam is by die vakbond is van CUSA.

<u>HOF</u> : Wat is CUSA? -- Ek is nie seker nie. Dit is 'n afkorting. Dit kan wees Congress of Union of South Africa

maar/...

maar ek sê dit nie met sekerheid nie.

MNR. HANEKOM : Is dit nie Council of Unions of South Africa nie? -- Dit kan wees dat dit Council is maar ek is nie seker nie.

En mnr. Peter van die droogskoonmakers, behoort hy aan een of ander organisasie? -- Nee.

Juf. Lempe? -- Wat van haar?

Behoort sy aan enige organisasie of het sy daardie tyd behoort ? -- Nee.

Mnr. Balfour was van die Boipatong Youth Organisation? -- Nee.

Of van die Boipatong Residents Committee? -- Op hierdie stadium wat ek hierdie "million" handtekeninge kampanje vorms aan hulle gegee het, was hy nie ŉ lid van die Boipatong Residents Committee nie.

Maar is dit die mnr. Balfour wat later ŉ lid was en voorsitter was van die Boipatong Residents Committee? -- Ja, dit is so.

En mnr. Moritsu, het hy aan enige organisasie behoort? -- Ja, dit is so.

Watter organisasie? -- Die jeugorganisasie.

HOF : Van Boipatong? -- Ja, Boipatong.

MNR. HANEKOM : Het u aan die ses persone die UDF se "million signature campaign" verduidelik toe u vir hulle gevra het om die handtekeninge te verkry? -- Ja, ek het, maar op die vorm self is ook geskryf wat die inhoud daarvan is. Dit is self-verduidelikend.

HOF : Ek het die oorspronklike laat kom van die bewysstuk, die plakkaat, maar nou kry ek sommer ŉ handvol. Hier is drie. -- Ja, dit kan wees, want toe hy dit ook vir my gegee het

was/...

was dit 'n hele paar wat hy vir my gegee het. Ek kan self nie onthou hoeveel daarvan het hy vir my gegee nie.

Kan u onthou hoeveel van die plakkate, ons praat van BEWYSSTUK AT2 het u opgeplak in Boipatong? -- Ek onthou dat ek een opgeplak het by die koopsentrum van Boipatong. Die ander een het ek by die stadion gaan opplak. Dit is hier onder in die rigting van 'n plek in die woonbuurt wat bekend staan as "Los my cherry". Dit is wat ek kan onthou wat ek opgeplak het.

Hier is nou drie. Dit wil my voorkom asof hulle drie by u gekry het wat nie gebruik was nie. Is dit korrek? -- Ek onthou dat daar plakkate in my besit gevind was maar ek kan nou nie meer onthou hoeveel in getal dit was nie. Of dit nou hierdie drie was, kan ek nie sê nie.

Maar as dit nou reg sou wees dat daar drie gevind is by u, dan beteken dit u het heelwat meer gehad as twee. In elk geval daar was heelwat meer ook wat opgeplak is? -- Ek het nou net gesê hy het my 'n hele paar van die plakkate gegee waarvan ek van hulle opgeplak het en daar was van hulle wat oorgebly het. Hoeveel in getal dit was, kan ek nie onthou nie.

Waarom ek hulle laat kom het is omdat my kopie onduidelik was. Die advokate kan miskien daarop let as hulle kopie ook onduidelik is. Die deel wat afgesny is onder is "Issued by UDF Students/Youth Affiliates, 42 De Villiers Street, 6th Floor, Khotso House, Johannesburg." Was u organisasie 'n UDF Youth Affiliate? -- Nee.

MNR. HANEKOM : Wat het Motubatsi vir u gesê wat moet u met die handtekeningvorms maak as dit voltooi is? -- Ek het dit na hom toe geneem.

Het/...

Het u inderdaad voltooide vorms vir hom gegee op ŉ later stadium? -- Ja, ek het.

Hoeveel vorms het u laat voltooi? -- Ek kan nie onthou hoeveel van die vorms vol geteken was nie.

En van die mense, die ses persone aan wie u vorms gegee het om te laat voltooi, het van hulle voltooide vorms aan u teruggebring? -- Ja, dit is so. Van hulle het dit terugbesorg.

Het u dit ook teruggegee aan Motubatsi? -- Na ŉ tyd, dit wil sê na ek ŉ hele paar bymekaar gekry het wat aan my terugbesorg was, het ek daardie vorms ook aan Motubatsi terugbesorg.

Hoe het u self te werk gegaan om handtekeninge te verkry? -- Ek het partykeer na die mense se huise toe gegaan.

U sê partykeer en ander kere? -- Van die mense het ek in die strate raakgeloop.

Op enige ander manier? -- Dit is al manier waarop ek handtekeninge gesoek het.

As u handtekenige probeer kry van die mense, wat het u vir hulle verduidelik? Waarom soek u die handtekeninge? -- Ek het hulle ingelig dat daar nuwe wette ingestel gaan word, byvoorbeeld die Koornhof Bills, New Deal van die driekamer parlement. Die mense het ook self gelees wat op die "million" handtekeninge kampanje vorms geskryf gestaan het.

Hoeveel handtekeninge min of meer het u self gekry in die kampanje? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie. Daar was ŉ hele paar vorms wat vol geteken was onder my sorg.

U organisasie was nie geaffilieer by UDF nie. Waarom het u so baie moeite gedoen in die kampanje? -- Ek het dit gedoen in my hoedanigheid as gevolg van wat ek as ŉ persoon

verstaan/...

verstaan het.

Het u u volle steun aan die kampanje verleen? -- Dit is korrek.

Het u terwyl u handtekeninge vergader het ook die UDF gepopulariseer aan die mense? -- Ek het dit bekendgemaak aan die mense dat dit die UDF se kampanje was.

Het u vir hulle vertel dat die UDF 'n goeie organisasie is? -- Nee, nie dat dit 'n goeie organisasie was nie. Wat ek wel aan die mense verduidelik het was dat UDF is 'n organisasie aan wie ander organisasies behoort, dat hulle by hierdie organisasie vergader.

Het jy vir die mense verduidelik wat die UDF wou bereik? -- Ek het dit aan die mense verduidelik dat UDF is 'n organisasie wat teen die beleid van uitsonderings is.

HOF : Wat bedoel u by beleid van uitsonderings? -- Daarby bedoel ek die beleid van apartheid.

MNR. HANEKOM : Het jy aan die mense verduidelik waarna streef UDF? Wat UDF se beleid was? Of wat hulle wou bereik teen apartheid? -- Wat en aan die mense verduidelik het was dat met die uitvoering van hierdie kampanje deur UDF is dit met die oog daarop om dit by die Regering tuis te bring dat die gemeenskap teen die beleid is van die apartheid. Dit wil sê teen die apartheid as geheel is.

Het u vir die mense gesê wat gedoen sou word met die handtekeninge wat u versamel? -- Ja, ek het aan die mense gesê dat sodra die vorms vol geteken is, sal hierdie vorms teruggestuur word na die UDF.

Het u vir die mense gesê wat UDF beoog met die handtekenige? -- Wat ek aan die mense verduidelik het was dat met hierdie kampanje van die "million" handtekeninge, die

UDF/...

UDF beoog om dit bekend te maak aan die Regering dat soveel persone, naamlik die miljoen persone wat geteken het, teen die beleid is van apartheid.

Die "million signature campaign" vorms, BEWYSSTUK AT4, daar is elf kopieë. Is dit die elf wat in u besit gevind is? -- Dit is so, ja.

Die eerste bladsy van AT4 is dit handtekeninge wat u self bymekaar gemaak het? -- Nee.

Wie het die handtekeninge vergader? -- Ek weet nie.

Die vorm is in u besit gevind? -- Nie hierdie een nie. Ek weet nie daarvan nie. Dit was nie in my besit gevind nie.

MR TIP : I wonder if I just might clarify this. It arose in the course of the discussions relating to the admissions and this particular exhibit, Your Lordship will see is in fact labelled AT4 as well as more prominently AL34. It was one that was excluded from the admissions on the basis that the accused did not admit it to have been in his possession. It was pointed out to My Learned Friends at the time and in the admission document itself AL34 it has not been admitted at all.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer, dit het my ontgaan. Het Motubatsi afgesien van die plakkaat, BEWYSSTUK AT2 en die handtekeningvorms, enigiets anders aan u oorhandig? -- Ja, hy het.

Wat was dit? -- Die een waarop geskryf staan "Sign the UDF declaration."

HOF : 'n Plakkaat of wat is dit? -- Dit is - plakkaat.

MNR. HANEKOM : Verwys u na BEWYSSTUK AT3? -- Dit is so, ja.

Hoeveel van die plakkate het hy aan u gegee? -- Ek kan nie presies onthou hoeveel van hierdie plakkate deur hom

aan/...

aan my gegee was nie, behalwe dat ek kan sê dit was ook ŉ paar gewees.

Wat moes u daarmee maak? -- Hy het my ook versoek om dit op te plak te Boipatong.

Het u dit gedoen? -- Daar is van hulle wat ek opgeplak het.

Het u dit saam met die ander plakkaat AT2 op dieselfde plek opgeplak? -- Ja, dit is so.

Ek wil u vervolgens verwys na BEWYSSTUK AT8. By watter geleentheid het Tsotso die brief, BEWYSSTUK AT8, aan u gegee? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar ek dink dit was iewers in Augustusmaand met die voorbereiding van die massavergadering wat gehou sou geword het te Boipatong.

Van watter massavergadering praat u of verwys u nou na? -- Wat ek daarby bedoel dit het hy aan my gegee in die tyd wat ons besig was met die organisering en voorbereidings vir die vergadering van die 26ste wat te Boipatong gehou moes gewees het.

Waarom het hy vir jou ŉ afskrif van die brief gegee? -- Dit is omdat hy wou gesien het wat - hy wou gehad het ek moet sien wat sy reaksie was omdat daar destyds sekere persone was wat besig was om aanvalle te loods teen die UDF oor sekere aspekte van "non-racialism". Dus wou hy gehad het dat ek moet sien wat sy reaksie was aangaande die.

Waarom wil hy hê u moet dit sien? -- Omdat hierdie aanvalle in die koerantberigte verskyn het wou hy dit gehad het dat ek moet sien wat sy reaksie is daarop.

Maar dit is nog nie vir my duidelik nie. Hoekom wil hy vir u daaroor inlig? Was u verbonde aan UDF? -- Nee. Dit is hoe ek dit verstaan het as ŉ rede hoekom hy wou gehad het

ek/...

ek moet weet. Ek het geen ander rede gehad om te verstaan na aanleiding daarvan nie.

Was Tsotso op daardie stadium verbonde aan die UDF? -- Nee, hy was nie sover ek weet nie.

Het hy nie aan u verduidelik waarom hy dan die brief skryf nie? Waarom was hy so besorg oor die aanvalle op UDF? -- Dit is omdat hy eintlik ten volle saamgestem het met die UDF as organisasie en ook nie saamgegaan het met die aanvalle wat teen die UDF geloods was nie.

Was die rede verder dat hy bewus was daarvan dat u self saamgestem het met UDF? -- Ek neem aan hy het geweet wat my standpunt is.

Die vraag is, hy was bewus daarvan dat u dieselfde standpunt as hy gehad het oor die UDF? -- Ek neem aan hy het geweet want ons het ooreengekom.

Maar hy het vir u gevra of u kommentaar wil lewer op die brief se inhoud. Is dit korrek? -- Kommentaar lewer? Hoe?

Of u enige kommentaar wou lewer oor enige aspek van die inhoud van die brief? -- Nee, toe hy vir my hierdie afskrif kom toon het, het hy aan my gesê dat hy die ander een alreeds na die koerantmense, die pers, gestuur het. Dus die een wat hy aan my toon is die een wat hy teruggehou as ŉ afskrif van wat hy deurgestuur het.

U hoofgetuienis was dat hy ŉ afskrif van die brief vir u gegee het om te lees, om ingelig te word van wat hy geskryf het en om kommentaar te lewer as u wou? -- Dit is presies wat ek sê. na hy my ingelig het dat hy ŉ afskrif hiervan of ŉ ander kopie hiervan deurgestuur het na die pers toe, het hy my hierdie een gegee om te lees met die oog daarop

dat/...

dat ek iets daaromtrent kan sê.

Het u enige kommentaar gehad op die brief se inhoud? -- Ek kan onthou dat ek na die lees van die inhoud van hierdie afskrif van die brief aan hom gesê het ek stem saam met hom op die inhoud.

Het u u ten volle vereenselwig met die inhoud van die brief? -- Ek volg nou nie hoekom u die vraag vir my so vra nie, want ek sê my kommentaar na aanleiding van die inhoud van die brief was dat ek gesê het ek stem saam met hom op die inhoud.

Vereenselwig u u vandag nog met die inhoud van die brief? -- Ja, ek vereenselwig myself daarmee.

Ek wil u verwys na paragraaf 1 van die brief. Die eerste sin "Much has been said about the lack of unity among the oppressed in this country." Wie is die "oppressed" na wie hier verwys word? -- Dit is die persone wat regte geweier word.

Is dit die Swartmense in die land? -- Ingesluit die Indiërs en Kleurlinge.

Sluit u by die begrip "oppressed", enige Blankes in? -- Nee.

Die tweede sin sê "But there is still no hope that unity is in sight." Na wat se "unity" word verwys?-- Dit beteken dat die Swartmense bymekaar moet kom en verenig om met een stem te praat.

Die volgende sin praat van "lack of unity among our political organisations." Is dit 'n ander tipe eenheid waarna verwys word, due "unity" van politieke organisasies? -- Ek sien nie 'n verskil nie.

Watter politieke organisasies het Tsotso en u hier in

gedagte/...

gedagte gehad? -- Die politieke organisasies wat ek in gedagte gehad het, was die politieke organisasies wat namens die gemeenskap ŉ woord sê wat gekant is teen die beleid van die apartheid.

Tsotso self was ŉ lid van die Boipatong Civic Association. Sou u dit beskou as ŉ politieke organisasie? -- Die organisasie het ek aanvaar dat dit bestaan het vir die gemeenskap van Boipatong by die uitvoering van hulle "grievances".

Die vraag is duidelik, beskou u Boipatong Civic Association as ŉ politieke organisasie? -- Ek sal u vra om dan vir my te verduidelik watter soort van ŉ organisasie beskou u as ŉ politieke organisasie.

HOF : Antwoord die vraag? -- Wat ek vertaan aangaande die organisasie waar Tsotso betrokke was, is dat dit ŉ organisasie is wat namens die gemeenskap van Boipatong opgetree het.

Is dit ŉ politieke organisasie, ja of nee? -- Ek verstaan nie hoe dit gesê word dit is ŉ politieke organisasie nie. Ek is nie duidelik daaromtrent nie.

Nee, ek wil net van u weet, u hoef nie die vraag te antwoord nie, sê net u wil hom nie antwoord nie. Verstaan u dat dit ŉ politieke organisasie is, hoe u ook al politiek beskryf of nie? -- Nee.

MNR. HANEKOM : En die Bophelong Civic Association, sou u sê dit is ŉ Civic Association? -- Nee.

Die VCA, was dit ŉ politieke organisasie? -- Bedoel u dat ek dit beskou het as ŉ politieke organisasie?

Dit is korrek? -- Nee.

Die Boipatong Civic ASsociation? -- Nee.

COSAS/...

COSAS, het u dit beskou as ŉ politieke organisasie? -- Nee.

Die vroue organisasie in die VAal, Vaal Organisation of Women, VOW? -- Ek het dit beskou as ŉ vroue organisasie met geen politiek daarby betrokke nie. Nie as ŉ politieke organisasie nie.

Het u UDF beskou as ŉ politieke organisasie? -- Ja.

Die ANC, sou u dit beskou as ŉ politieke organisasie? -- Ja.

Die PAC? -- Ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K686 SEKWATI JOHN MOKOENA, nog onder eed

MR BIZOS : My Lord, we require Your Lordship's leave to make use of EXHIBIT 26. That is a tape recording that has been handed in.

COURT : What tape recording?

MR BIZOS : That was the speech that the witness said was from Freedom Radio and we say was from Radio something or other.

COURT : 25.

MR BIZOS : 25, I beg your pardon. We require to have it copied or possibly to hear it and we require Your Lordship's permission to make arrangements with Your Lordship's registrar to do that.

HOF : Enige beswaar, mnr. Hanekom?

MNR. HANEKOM : Geen beswaar nie.

COURT : You will make the necessary arrangements.

VERDERE KRUISONDERVRAGINGDEUR MNR. HANEKOM : Behalwe die UDF wat u sê ŉ politieke organisasie is, watter ander

organisasies/...

organisasies het u geken wat politieke organisasies is? -- AZAPO en die National Forum organisasie.

HOF : En nog? -- Dit is net hierdie wat ek kan onthou.

MNR. HANEKOM : Ons is steeds by BEWYSSTUK AT8. Die "lack of unity among our political organisations" waarna verwys word, watter politieke organisasies word hier na verwys? -- Met dit het ek verstaan dat hy verwys na hierdie organisasies AZAPO, National Forum en UDF.

Het u dit met Tsotso bespreek? -- Nee.

HOF : Wat is die verskil tussen die politieke denke van die een en die ander? -- Die UDF se beleid is "non-racialism." Die organisasies AZAPO en National Forum is teen die beleid.

Kan u my net 'n bietjie inlig nou. AZAPO het ek 'n beeld van as organisasie. National Forum, is dit 'n organisasie of was dit net 'n byeenkoms by een geleentheid? -- National Forum is waar hierdie ander organisasies betrokke raak wat gekant is teen die "non-racialism".

Maar nou hoe verskil AZAPO van National Forum? -- AZAPO is 'n organisasie. National Forum is waar die Black Consciousness organisasies bymekaar kom.

Is AZAPO nie 'n Black Consciousness organisasie nie? -- Dit is aan my bekend so as 'n Black Consciousness organisasie.

Nee, maar wat is dan die verskil tussen AZAPO en National Forum? -- As u vraag gemik is op die Black Consciousness Ideology, is dit dieselfde.

Op watter punt verskil hulle dan verder? -- Die verskil tussen die twee wat my betref is dat Black Consciousness Ideologie organisasies kom bymekaar kom en waar hulle bymekaar kom, die byeenkoms wat hulle bywoon is bekend as National Forum wat dan bestaan uit hierdie organisasies van Black

Consciousness/...

Consciousness.

So, is dit ʼn soort van kongres van die Black Consciousness organisasies? -- Ek is bevrees ek het nie so ʼn goeie kennis daarvan nie. Ek kan dit nie met sekerheid sê nie.

MNR. HANEKOM : Die "lack of unity among our political organisations", sê u dan daar is nie eenheid nie tussen UDF aan die een kant en watter organisasies? -- Ek het met dit verstaan dat dit beteken daar is nie ʼn vereniging van byeenkoms tussen die organisasies UDF en byvoorbeeld die Black Consciousness organisasies. Hulle stem nie ooreen nie.

HOF : Kan u net vir my noem, watter Black Consciousness organisasies ken u? -- AZAPO. Ek is net nie seker van AZANYO, of dit nou ʼn Black Consciousness Movement is of nie.

MNR. HANEKOM : So ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net ʼn bietjie, is dit al? -- Ja, dit is al en die National Forum. Die National Forum is eintlik ʼn ooreenstemming met die BC.

Ja, maar ek het begryp dat die National Forum is ʼn byeenkoms van BC organisasies? -- Ja, dit is sover my kennis gaan.

Toe vra ek vir u nou watter organisasies is BC? Wat u betref weet u net van een vir seker en dit is AZAPO? -- Ja, dit is so.

MNR. HANEKOM : Moes die sin dan eintlik lees dat die klagte gaan oor "lack of unity" tussen UDF en die Black Consciousness organisasies? -- Ek sê nie dat die skrywer hiervan fouteer het as hy dit so geskryf het nie. Ek sê dit is wat ek verstaan het op dit wat hier geskryf is.

Die volgende sin waar hy sê "Racism as an ideology is the root cause of this lack of energy". Wat het u daaronder verstaan? -- Is u vraag gemik op hierdie wat lees

"Racism/...

"Racism as an ideology is the root cause of this lack of unity"?

Ja, wat verstaan u daaronder? -- Daaronder verstaan ek dat hy sê "Racism" is eintlik die oorsaak daarvan dat daar nie ȟ vereniging is tussen die politieke organisasies wat in hierdie land bestaan nie.

Was dit ook u siening? -- Ja, ek het saam met hom daarop gestem.

HOF : Die "Racism" as ek die brief reg lees is nie aan die kant van die UDF nie, maar aan die BC kant? -- Ja, dit is. As ȟ mens hierdie geskrif verder lees, is dit wat ȟ mens verstaan die boodskap en die inhoud is van hierdie geskrif.

Word daar bedoel met "racism" Swart-eksklusiwiteit? -- Ja, dit is eintlik die verkeerde opmerking wat hy gemaak het as ȟ verkeerde beleid.

MNR. HANEKOM : Hoe verstaan u UDF as ȟ organisasie? Wat is UDF? Wie is UDF se lede? -- Ek verstaan UDF as ȟ organisasie waar ander organisasies bymekaar gekom het.

Wie is UDF se lede of wie kan lede wees van UDF? -- Organisasies is lede van UDF. Dit beteken ȟ persoon behoort ȟ lid te wees van ȟ organisasie wat dan geaffilieer is aan UDF.

As dit so is dat UDF bestaan uit organisasies en u sê UDF is ȟ politieke organisasie, beteken dit dan nie dat die organisasies wat by UDF geaffilieer is, is almal politieke organisasies nie? -- My siening van Civic Association is dat dit ȟ organisasie is van die gemeenskap. Verder wat ek daarop kan sê is dat onmiddellik na hierdie organisasie nou met ander organisasies bymekaar gekom het waar hulle nou besig is met ȟ sekere probleem wat deur hulle as geaffilieerdes

van/...

van UDF bespreek word, is dit eers daarna dat dit gesê kan word dat spesifiek op daardie stadium wat hulle dit bespreek, hulle as politieke organisasies beskou kan word onder die vlerk van die UDF.

Maar as u sê UDF is ŉ politieke organisasie en UDF is ŉ klomp organisasies, waar kom sy politieke karakter vandaan as die organisasies nie self almal politieke organisasies is nie? -- Wat ek daarby bedoel is dat die organisasies wat geaffilieer is aan UDF kom bymekaar by ŉ sekere plek of onder sekere omstandighede waar hulle nou miskien besprekings uitvoer oor iets wat polities is. Op daardie stadium, tydens die bespreking daarvan, word hierdie organisasies polities in die sin dat hulle besig is met ŉ politieke bespreking van aard.

HOF : Maar as die organisasie se verteenwoordiger nou teruggestuur word na die plaaslike organisasie toe om ŉ mandaat te kry oor ŉ sekere aspek, word die plaaslike organisasie dan nie ook betrek by die politiek nie? -- Ek erken dat dit wel gebeur dat ŉ gemeenskaplike organisasie op ŉ manier betrek word om iets te doene te hê met ŉ politieke iets in die aard dat dit polities betrek word, maar hoofsaaklik is die gemeenskapsorganisasie bedoel om in te sien in die plaaslike gemeenskaplike probleme.

MNR. HANEKOM : Paragraaf 2 van die brief lees "What is our political goal in the UDF and all other progressive organisations including those radical elements in the BC camp." Wat verstaan u onder"progressive organisations"? -- Ek verstaan dat dit organisasies is wat die "non-racialism" ondersteun.

HOF : Maar nou, dit maak dit ŉ bietjie moeilik. Wat nou van ŉgewone "civic"? Is hy dan ŉ "progressive organisation"

of/...

of nie ŉ "progressive organisation" nie? -- Wat ek daar verstaan is die volgende, dat dit afhang van hierdie "civic" of die "civic" nou die beleid van die rasseverskil aanvaar het of nie. As dit miskien die BC se beleid aanvaar het, dan val dit onder die beleid van BC.

MNR. HANEKOM : Sal u die ANC beskou as ŉ "progressive organisation"? -- Ek aanvaar ANC as ŉ progressiewe organisasie in die sin dat dit ooreenstem met die "non-racialism".

Hier word gepraat van "progressive organisations - all other progressive organisations". Dit is nou behalwe die UDF en dan sê dit dit sluit ook in die radikale elemente in die Swartmagkamp. Watter ander organisasies ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek weet nie of u moet Black Consciousness as Swartmag moet vertaal nie. Ons het nog nie daardie vertaling gehad nie. Lees die sin soos dit hier staan in Engels.

MNR. HANEKOM : Die sin sê "What is our political goal in the UDF and all other progressive organisations" en dan "including those radical elements in the BC camp." Watter organisasies wat nie reeds in die sin genoem word nie, het u hier in gedagte? -- Dit is die organisasies wat geaffilieer is aan UDF.

HOF : Ek wonder of u reg is daar. Kyk weer na die sin. Daar staan "and all other progressive organisations including those radical elements in the BC camp." Wat word bedoel met "radical elements in the BC camp"? -- Dit het ek verstaan as ŉ beskrywing van persone wat nie saam met hom stem in die beleid van die "non-racialism" nie.Wat wel met die BC ideologie stem, beskryf hy as "radical elements."

MNR. HANEKOM : Wat sê u is die politieke doel of doelstelling

in/...

in UDF? -- Ek verstaan UDF as 'n organisasie wat besig is met die aanmoediging van "non-racial" ideologie.

En wat is hulle politieke doel? Wat wil hulle bereik uiteindelik? -- Dit is die beëindiging van apartheid. Dit is hulle doel.

Mnr. Tsotso se antwoord op die vraag was in die volgende sin waar hy sê "My answer to this question is complete freedom from White domination." Vereenselwig u u met die antwoord? -- Ja.

Wat verstaan u onder "complete freedom"? -- Ek verstaan hier as hy praat van "complete freedom from White domination" dat dit beteken dat daar 'n einde kom aan apartheid, dat mense in hierdie land gelyk staan.

Bedoel u daarmee 'n regering van een man een stem? -- Nee, nee, my verstandhouding daarvan is dat ons met ewe regte hê vir stemming in hierdie land.

HOF : Gelyke regte? -- Gelyke regte. Hoe dit nou bewerk sal word, weet ek nie. Of dit nou met die "one man one vote" gaan wees, of watter prosedure gevolg sal word om dit te bereik, weet ek nie.

MNR. HANEKOM : 'n Regering volgens die voorskrifte van die Freedom Charter, sou dit u tevrede stel? -- My verstaan van die Freedom Charter is dat die Freedom Charter die mense se griewe bekend maak, met die gevolg ek stem saam met die Freedom Charter op daardie punt.

Wat het u verstaan onder "White domination"? -- Ek verstaan dit as om die volgende te beteken, dat Swartmense deur Witmense onderdruk is om die Swartmense van sekere regte te weier.

Praat u van stemreg? -- Baie.

En/...

En as die Regering nie aan die Swartmense stemreg wil gee nie, beskou u die Regering as die "enemy" van die Swartmense? -- Nee.

Ons sal daarop terugkom. In paragraaf 3 staan "We are aware that the bone of contention are those Whites who have divorced themselves from the concept of White domination whose accommodation in the Liberation Struggle is regarded as a form of compromise by the adherence of Black Consciousness" en Liberation Struggle is met hoofletters geskryf. Wat verstaan u onder hierdie begrip in hierdie sin? -- Wat ek daarby verstaan is dat by hierdie "non-racialism" organisasies het Blankepersone ook wat dit ondersteun. Dit beteken dus dat die persone wat daar betrokke is, stem nie saam met die praktyk van die apartheid nie.

Is die stryd vir "complete freedom from White domination" is dit die Liberation Struggle? -- Ek neem aan dit is maar dieselfde ding. Dit hang af van die woorde wat die persoon besig om dit oor te dra.

Ek vra vir u, hoe sien u dit? Sien u dit as dieselfde? -- Ek verstaan dit om dieselfde ding te beteken.

Ek wil vir u vra om die laaste sin op die bladsy te lees. wat lui "To all those who subscribed to the policy of non-racialism there is no question of compromise in our political stands since Whites who identify themselves with the oppressed are being accommodated not in their own terms, but in terms of which are clearly embodied in the principles of the Freedom Charter." Kan u vir my verduidelik wat dit beteken?

MR BIZOS : Does it not speak for itself in relation to its meaning?

COURT : To me it may be clear. Except that I would read

"on"/...

"on" instead of "in", but let us hear what the witness says about it.

MR BIZOS : The question can be what you understand by that. Its meaning I think is clear.

COURT : No, he is being asked what he thinks about it. -- Wat ek daarby verstaan is dat die Blankepersone wat na verwys word hierso wat hierdie gevoel ondersteun is die Blankepersone wat eintlik sê die griewe van die Swartpersone soos uiteengesit in die Freedom Charter is korrek en hulle gaan daarmee saam.

MNR. FICK : Ek wil u nog 'n vraag vra oor die sogenaamde Liberation Struggle. Is dit die stryd waarin die UDF en sy geaffilieerde organisasies gewikkel was? -- Ek verstaan dit dat UDF en die organisasies is besig om te protesteer teen die wette wat hulle vind as die wette wat die Swartmense onderdruk.

Is UDF gewikkel in die sogenaamde Liberation Struggle? -- Ja UDF en sy geaffilieerdes is eintlik daarop gemik dat die Swartmense die regte wat aan hulle behoort toegeken moet word.

Wie was volgens u in 1984 bondgenote in die sogenaamde Liberation Struggle? Wie het almal gestry of geveg in die Liberation Struggle? -- Bedoel u nou persone?

Of organisasies? -- Wat ek kan sê daaromtrent is dat die organisasies wat teen die beleid van apartheid was, was betrokke in die protes teen die beleid van die apartheid.

Beskou u die organisasies wat deel is van die Liberation Struggle as almal bondgenote in dieselfde stryd? -- Ja, ek beskou dit eintlik as organisasies wat gemik is op een en dieselfde doel.

U/...

U het gister getuig dat volgens u was die ANC ook deel van die Liberation Struggle. Is dit reg? -- Ek het gesê ek het daarvan verneem dat die ANC is ook besig om die vryheidstelling van die Swartmense te beveg.

Beskou u die ANC as ŉ bondgenoot van die UDF byvoorbeeld in die Liberation Struggle? --Nee.

Waarom nie? -- U praat van ŉ verbond. Ek weet nie hoekom sê u verbond nie. Dit is eintlik nie duidelik hoekom u daardie woord gebruik nie.

Stry die twee organisasies saam dieselfde stryd? -- Beide van die organisasies is besig met die verkryging van die vryheidstelling van Swartpersone wat onderdruk is op verskillende maniere natuurlik. Dit hang af wat die ander een se manier is vir die verkryging van die vryheidstelling.

Hoekom ek die vrae aan u vra is, omdat Liberation Struggle in hierdie stuk op meer as een plek gebruik word en dan word dit met hoofletters geskryf. Ek wil net duidelikheid kry. Hoe verstaan u dit? Was daar net een Liberation Struggle of was verskillende organisasies besig gewees met sy eie Liberation Struggle? -- Nee, ek verstaan Liberation Struggle as om vryheid te soek.

Maar waaroor ek duidelikheid wil hê is waar die terme Liberation Struggle gebruik word, soos dit in hierdie stuk ook gebruik is, wat verstaan u daaronder? Is dit net een stryd wat deur verskillende mense saam gestry word of is dit verskillende organisasies wat maar elkeen met ŉ eie stryd besig is? -- Ek verstaan dat dit bedoel is vir dieselfde tipe ding. Dit is om die vryheidstelling van die Swartpersone te soek.

Met ander woorde, verstaan ek u dan reg, u verstaan

onder/...

onder die terme Liberation Struggle net een stryd? -- Ja, dit is so. Die enigste verskil is die maniere waarop hierdie vryheidstelling probeer word.

Is dit waarom UDF se doel was om soveel moontlik organisasies te verenig om die Swartmense verenig te kry as deel van die strategie in die stryd? -- Ek het verstaan dat UDF is ŉ organisasie met organisasies wat ooreenstem op ŉ sekere punt. Hulle kom bymekaar by UDF.

Wat was u siening, hoe is UDF aktief in die Liberation Struggle? Wat doen UDF in die stryd? -- Wat ek wel van bewus is is dat UDF geprotesteer het teen die wette wat besig was om die bevordering te maak van die uitvoering van apartheid se beleid.

U het die BEWYSSTUK A1 van UDF gelees? -- Ja, dit is so.

As u kyk na BEWYSSTUK A1, die deklarasie. so in die middel van die bladsy word verklaar "We commit ourselves to uniting all our people wherever they may be in the cities and countryside, factories and mines, schools, colleges and universities, houses and sports fields, churches, mosques and temples to fight for our freedom." Saam met die sin lees onder die opskriffie "Work together too" "Organise and mobilise all community, worker, student, women, religious, sporting and other organisations under the banner of United Democratic Front." Stem u saam, het u dit so verstaan dat dit UDF se doel was om al die mense byeen te kry om ŉ eenheid te vorm "to fight for our freedom" in die Liberation Struggle? -- Ja, ek hoor dit.

Is dit hoe u UDF vertaan het, die doel van UDF? -- Ek het verstaan dat die doel van UDF was om teen die inwerkingstelling van die nuwe wette, naamlik die Koornhof Bills

en/...

en die New Deal te wees. Om daarin te slaag was dit nodig gewees vir die organisasie om mense bymekaar te kry sodat hulle ooreenstem en dit kan oordra as 'n boodskap.

En die stryd van UDF teen die Koornhof wette en die nuwe konstitusie was een komponent van die Liberation Struggle? -- Liberation Struggle volgens my verstaan is wat die mense doen om hulle self se vryheidstelling te bewerk en hierdie Koornhof Bills en nuwe konstitusie was dinge wat nog in werking gestel sou word.

HOF : Wat beteken dit nou eintlik basies? Beteken dit dat die United Democratic Front nie deel was van die Liberation Struggle nie, maar dat hulle hulle net beperk het tot die Koornhof Wette en die New Deal? --Dit was my verstandhouding gewees met die stigting van UDF dat dit bedoel was vir die nuwe konstitusie, dit is die New Deal en die Koornhof Bills. Die woord Liberation Struggle soos dit hier staan, verstaan ek soos volg, dat dit persone is wat eintlik besig is om die vryheidstelling van daardie persone te beveg om te bekom dat hulle vrygestel word.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Om te veg daarvoor? -- Om te veg daarvoor. Ek het die woord gebruik dat hulle die gevoel het van om hulle vryheid te bekom.

HOF : Nou weet ek nie of ons met mekaar saamstem of nie met mekaar saamstem nie. Ek sien hier in die middel van bladsy 5 wat ons voor ons het die dik getikte gedeelte, die laaste sinsnede "to fight for our freedom". Was u begrip dat die UDF sou ophou as die Koornhof wette teruggetrek word en die New Deal verval? -- My verstaan van die stigting van UDF was met die oog daarop om in hierdie probleem in te sien van die New Deal en die Koornhof Bills. Ek dink dit

was/...

was in 1982 of later. Ek is nie seker van watter jaartal dit was nie. Hierdie woorde wat hier gebruik word "to fight for our freedom" het ek nie verstaan dat dit nou beteken dat die UDF wapens sal moet gaan kry en homself bewapen om te gaan baklei nie.

Nee, dit is nie wat ek aan u gestel het aan die hand van die dokument nie. Wat ek aan u gestel het aan die hand van die dokument is dat 'n mens miskien in die dokument kan lees dat die UDF nie net gekant was teen die Koornhof wette en die sogenaamde New Deal nie, maar gekant was teen apartheid as geheel en dit afgeskaf wou sien? -- Ja, dit is so. As 'n mens nou die eerste bladsy daarvan lees.

MNR. HANEKOM : Ek verwys u na paragraaf 4 van die dokument ATE "Let me point out that we are convinced that the Freedom Charter is a relevant document which contains a genuine solution for our South African political situation." Was dit ook u siening dat die Freedom Charter ... (Hof kom tussenbei)

HOF : U het hom nou al 'n paar keer gevra oor die hele dokument. Ek neem aan as u hom oor die hele dokument gevra het, het dit ook die sinsnedes bevat. Wil ons nou elke keer dieselfde ding oor hê?

MNR. HANEKOM : Dit is korrek. Hoe sien u die Freedom Charter - hoe sien u bevat die Freedom Charter 'n "genuine solution for our South African political situation"? -- Ek stem volkome saam met dit wat hier geskryf is tensy dit nou opgelos word soos die persoon dit daar uiteensit dat die Freedom Charter die griewe bevat van die persone en as dit aandag kan geniet dat daardie griewe opgelos is, dan is die probleme van ons in die land opgelos.

In/...

In die middel van dieselfde bladsy "Can any reader of this article disagree with me when I say to the White racists such a democratic form of government is unacceptable since it means the loss of White domination and all that goes with it." Na watter "White Racists" word verwys? -- Hier word verwys na die Blankepersone wat saam met die beleid van apartheid stem.

Amper onder aan die bladsy is ꞌn sin "I therefore appeal to our ..." jammer, net die sin voor dit "We are all aware that in Zimbabwe AZAPO and AZANO had different political ideologies and policies but were persuaded to join hands in fighting their common enemy." Wie is die "common enemy"?

HOF : Dit staan hier as u een sin verder lees.

MNR. HANEKOM : Jammer, ek trek die vraag terug. Die laaste sin "I therefore appeal to our brothers in the BC camp to join forces with all those progressive organisations affiliated to the UDF and fight our common enemy once and for all through peaceful means at our disposal." Wie is die "common enemy" waarna hier verwys word? -- Apartheid.

Om op te som wat u siening was in hierdie verband, soos wat ons nou bespreek het, stem u saam dat die UDF en sy geaffilieerdes almal gewikkel is in die vryheidstryd vir "complete freedom"? -- Ja, dit is so.

En dit beteken ꞌn stryd onder andere om die vestiging van ꞌn regering volgens die voorskrifte van die Freedom Charter? -- Nee, ek het nog nie gehoor dat UDF dit sê nie waar UDF nou die Freedom Charter "adopt" het.

Nee, maar dit is nie wat ek sê nie. Ek sê dat die vryheidstryd gaan daarom onder andere om ꞌn regering te vestig volgens die voorskrifte van die Freedom Charter? -- Dit hang af.

Dit wissel van persone. Daar is persone wat so sê. Daar is persone wat nie saamstem nie.

Maar dit is u siening, as ek u reg verstaan? -- Ja, dit is so.

En in die vryheidstryd word die stryd gevoer teen die Staat as deel van die apartheid? -- Nee.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 13 MEI 1987.

## DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989


### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**



### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.


### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-8-216**
*Document Title:-* **Vol 216 p 11392-114S5. Witness: Mokoena**